


Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring



Verdere onderwys- en opleidingsfase Graad 10-12



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KURRIKULUM EN ASSESSERING BELEIDSVERKLARING GRAAD 10-12

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

DISCLAIMER

In view of the stringent time requirements encountered by the Department of Basic Education to effect the necessary editorial changes and layout to the Curriculum and Assessment Policy Statements and the supplementary policy documents, possible errors may occur in the said documents placed on the official departmental websites.

There may also be vernacular inconsistencies in the language documents at Home-, First and Second Additional Language levels which have been translated in the various African Languages. Please note that the content of the documents translated and versioned in the African Languages are correct as they are based on the English generic language documents at all three language levels to be implemented in all four school phases.

If any editorial, layout or vernacular inconsistencies are detected, the user is kindly requested to bring this to the attention of the Department of Basic Education.

E-mail: capslangcomments@dbe.gov.za or fax (012) 328 9828

Department of Basic Education

222 Struben Street

Private Bag X895

Pretoria 0001

South Africa

Tel: +27 12 357 3000

Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023

Cape Town 8000

South Africa

Tel: +27 21 465 1701

Fax: +27 21 461 8110

Website: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Department of Basic Education

ISBN: 978-1-4315-0548-7

Design and Layout by: Ndabase Printing Solution

Printed by: Government Printing Works

FOREWORD BY THE MINISTER



Our national curriculum is the culmination of our efforts over a period of seventeen years to transform the curriculum bequeathed to us by apartheid. From the start of democracy we have built our curriculum on the values that inspired our Constitution (Act 108 of 1996). The Preamble to the Constitution states that the aims of the Constitution are to:

- heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;
 - improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person;
 - lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law; and
- build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

Education and the curriculum have an important role to play in realising these aims.

In 1997 we introduced outcomes-based education to overcome the curricular divisions of the past, but the experience of implementation prompted a review in 2000. This led to the first curriculum revision: the *Revised National Curriculum Statement Grades R-9* and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* (2002).

Ongoing implementation challenges resulted in another review in 2009 and we revised the *Revised National Curriculum Statement* (2002) and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* to produce this document.

From 2012 the two National Curriculum Statements, for *Grades R-9* and *Grades 10-12* respectively, are combined in a single document and will simply be known as the *National Curriculum Statement Grades R-12*. The *National Curriculum Statement for Grades R-12* builds on the previous curriculum but also updates it and aims to provide clearer specification of what is to be taught and learnt on a term-by-term basis.

The *National Curriculum Statement Grades R-12* represents a policy statement for learning and teaching in South African schools and comprises of the following:

- (a) Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for all approved subjects listed in this document;
- (b) *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; and
- (c) *National Protocol for Assessment Grades R-12*.

A handwritten signature in black ink, which appears to read 'Angie Motshekga'.

MRS ANGIE MOTSHEKGA, MP
MINISTER OF BASIC EDUCATION

INHOUD

AFDELING 1: VOORSTELLING VAN DIE KURRIKULUM EN ASSESSERINGS BELEIDS

-DOKUMENT	3
1.1 Agtergrond	3
1.2 Oorsig	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum	4
1.4 Tyds toekenning	6
1.4.1 Grondslag Fase	6
1.4.2 Intermediêre Fase	7
1.4.3 Senior Fase	7
1.4.4 Graad 10-12	8

AFDELING 2: BEKENDSTELLING VAN WISKUNDIGE GELETTERDHEID

2.1 Wat is Wiskundige Geletterdheid?	9
2.2 Vordering in Wiskundige Geletterdheid	12
2.3 Oorsig en gewig per Onderwerp	14
2.4 Voorgestelde tyds toekenning	16
2.5 Voorgestelde werk skedule	16

AFDELING 3: INHOUD EN OMVANG VAN KONTEKS PER ONDERWERP

3.1 Inleiding	23
3.2 Oorsig van konteks, inhoud en/of vaardighede per Onderwerp en Graad	24
3.3 Gedetailleerde hoofpunte van die inhoud/vaardighede wat per Graad geleer word	28
Afdeling 1: Basiese Vaardighede Onderwerpe	28
• Interpretering en kommunisering van antwoorde en berekeninge	29
• Getalle en berekenings met getalle	30
• Patrone, verwantskappe en voorstellings	39
Afdeling 2: Toepassings Onderwerpe	51
• Finansies	52
• Meting	67
• Kaarte, planne en ander voorstellings van die fisiese wêreld	80
• Datahantering	89
• Waarskynlikheid	98

AFDELING 4: ASSESSERING	104
4.1 Inleiding	104
4.2 Informele of daaglikse assessering.....	105
4.3 Formele assessering.....	105
4.4 Assesserings program	107
4.4.1 Assesserings program in Wiskundige Geletterdheid	107
Assesserings program in Wiskundige Geletterdheid vir Graad 10 en 11	107
Assesserings program in Wiskundige Geletterdheid vir Graad 12.....	108
Beskrywing van die assesserings take in Wiskundige Geletterdheid	108
Opsomming van die formele assesserings take gelys in die CAPS dokument.....	110
4.4.2 Eksamens vir Graad 10, 11 en 12.....	112
Oorsig.....	112
Tyd en punte toekenning.....	112
Addisionele inligting	113
Vraestel 1 en Vraestel 2 word vergelyk.....	113
Kontekste	116
Gewig van Onderwerpe	117
Verspreiding van punte in ooreenstemming met sistematieke vlakke	117
Addisionele inligting vir die half-jaar eksamens	117
4.5 Verslae en rekording.....	118
4.6 Moderering van assessering.....	119
4.7 Bylae	120
Bylaag 1: Beskrywing van die vlakke van die Wiskundige Geletterdheid Assesserings stelsel	120
Bylaag 2: Assesserings taak voorbeeld: Verantwoordelike gebruik van paracetamol	125
Bylaag 3: Verdere interpretering van die vlakke in die Wiskundige Geletterdheid Assesserings stelsel ..	128
4.8 Algemeen	138

AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (NCS)* bepaal beleid oor kurrikulum en assessering in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* verteenwoordig 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende:
 - (i) die Kurrikulum - en assesseringsbeleidsverklarings vir elke goedgekeurde skoolvak;
 - (ii) die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; en
 - (iii) die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R-12 (January 2012)*.
- (b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
 - (i) die *Revised National Curriculum Statement Grades R-9, Government Gazette No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) die *National Curriculum Statement Grades 10-12, Government Gazettes, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 17 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in subparagrafe b(i) en (ii), wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word toenemend deur die *National Curriculum Statement Grades R-12 (January 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
 - (i) die Leerarea- / Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleid, *National Policy on assessment and qualifications for schools in the General Education and Training Band*, afgekondig in die *Government Notice No. 124* in die *Government Gazette No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleid, *National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF)*, afgekondig in *Government Gazette No. 27819* van 20 Julie 2005;

- (iv) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding learners with special needs*, gepubliseer in die *Government Gazette*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleid, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; en
 - (v) die beleid, *An addendum to the policy document, the National Senior Certificate: A qualification at Level 4 on the National Qualifications Framework (NQF), regarding the National Protocol for Assessment (Grades R-12)*, afgekondig in die *Government Notice* No. 1267 in die *Government Gazette* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat word, bevat die norme en standaarde van die *National Curriculum Statement Grades R-12*. Dit sal in terme van afdeling 6A van die *South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996)*, die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomst en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begroonde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* het die volgende doelwitte:
 - om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
 - *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke Graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;
 - *Progressie*: Die inhoud en konteks van elke Graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
- *Waardering vir inheemse kennisstelsels*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
- *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.

(d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
- begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

(e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsstelsels binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die struikelblokke in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiëring te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Guidelines for Inclusive Teaching and Learning (2010)*.

1.4 Tydstoekenning

1.4.1 Grondslagfase

- (a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	Graad R (UUR)	Graad 1-2 (UUR)	Graad 3 (UUR)
Huistaal	10	7/8	7/8
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede:	6	6	7
Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
Liggaamsopvoeding	(2)	(2)	(2)
Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
Totaal	23	23	25

- (b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.
- (c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.
- (d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede:	4
Skeppende Kunste	1,5
Liggaamsopvoeding	1
Persoonlike en Sosiale Welsyn	1,5
Totaal	27,5

1.4.3 Senior Fase

(a) Onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
Totaal	27,5

1.4.4 Graad 10-12

(a) Onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4.5
Eerste Addisionele Taal	4.5
Wiskunde	4.5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Annexure B, Tables B1-B8) van die beleidsdokument, <i>National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12</i> , onderhewig aan die bepalinge soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
Totaal	27,5

Die tydstoekenning per week mag net vir die minimum vereiste vakke in die *National Curriculum Statement Grades R-12* (NCS) soos hierbo uiteengesit, gebruik word. Dit mag nie vir enige addisionele vakke wat tot die vakkeuselys gevoeg is, gebruik word nie. As 'n leerder enige addisionele vakke wil aanbied, moet ekstra tyd toegeken word vir die onderrig van hierdie vakke.

AFDELING 2

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

2.1 Wat is Wiskundige Geletterdheid?

Die bevoegdheede wat ontwikkel is deur Wiskundige Geletterdheid laat individue toe om sin te maak van, deel te neem in en by te dra aan die wêreld van die een-en-twintigste eeu — 'n wêreld wat gekenmerk word deur getalle, argumente gebaseer op getalle en data wat voorgestel en verdraai is op verskillende maniere. Sulke bevoegdheede sluit in die vermoë om te kan redeneer, neem van besluite, oplos van probleme, bestuur van hulpbronne, interpretering van informasie, lyste maak van gebeurtenisse en die gebruik en toepassing van tegnologie. Leerlinge moet blootgestel word aan beide wiskundige inhoud en lewensgetroue konteks om hierdie bevoegdheede te ontwikkel. Wiskundige inhoud is nodig om sin te maak van die lewensgetroue konteks; en aan die ander kant, bepaal konteks die inhoud wat nodig is.

Die vak Wiskundige Geletterdheid moet die leerling in staat stel om 'n self beheersde persoon te word, 'n bydraende werker en 'n deelnemende burger in 'n ontwikkelende demokrasie. Die onderwyser en leerling van Wiskundige Geletterdheid moet m.a.w. geleenthede skep om probleme te analiseer en maniere te bedink om wiskundig te werk te gaan in die oplos van sulke probleme. Geleenthede om wiskunde te bespreek op hierdie manier sal ook die leerlinge help om slim verbruikers te word van die wiskunde wat gereflekteer word in die media.

Daar is vyf sleutel elemente van Wiskundige Geletterdheid.

- **Wiskundige Geletterdheid sluit in die gebruik van *elementêre* wiskundige inhoud.**

Die wiskundige inhoud van Wiskundige Geletterdheid is beperk tot daardie elementêre wiskundige konsepte en vaardighede wat relevant is tot die sin-maak van getalle en statisties gebaseerde scenarios in die alledaagse lewens van individue (self beheersde individue) en die werksplek (bydraende werkers), en om deel te neem as kritiese burger in politieke en sosiale besprekings. In die algemeen, is die fokus nie op abstrakte wiskundige konsepte nie. Vir praktiese doeleindes, as die verwagte berekenings nie uitgevoer kan word met 'n basiese vier-funksie sakrekenaar nie, die berekenings in alle waarskynlikheid nie geskik is vir Wiskundige Geletterdheid nie. Verder, omdat die fokus in Wiskundige Geletterdheid val op die sin maak van lewensgetroue konteks en scenarios, sal wiskundige inhoud in die Wiskundige Geletterdheid klaskamer nie onderrig word in die afwesigheid van die konteks nie.

- **Wiskundige Geletterdheid sluit in *oorspronklike* lewensgetroue konteks.**

Gedurende die ondersoek en oplos van realistiese probleme in die wêreld, is dit belangrik dat die konteks waaraan leerlinge blootgestel word in die vak oorspronklik is (i.e. geneem van ware en realistiese situasies) en relevant is, en verband hou met die daaglikse lewe, die werksplek en die breër sosiale, politieke en wêreld omgewings. Waar moontlik, moet leerlinge in staat wees om met *werklike* lewensgetroue probleme en hulpbronne te werk, eerder as met probleme wat ontstaan rondom gekonstrueerde, semi-werklike, uitgedinkte en/of denkbeeldige scenarios. Bv. Leerlinge moet blootgestel word aan werklike weergawes wat komplekse en “verwonge” syfers insluit, eerder as uitgedinkte en gekonstrueerde replikas, wat slegs gekorrigeerde en afgeronde syfers bevat.

Naas die gebruik van wiskundige kennis en vaardighede om probleme, wat verband hou met die oorspronklike lewensgetroue konteks, te ondersoek en op te los, sal van leerlinge ook verwag word om nie-wiskundige vaardighede en oorwegings aan te neem om so sin te maak uit hierdie konteks. Bv. alhoewel berekenings mag toon dat 'n 10 kg sak mieliemeel meer koste effek is, mag die oorweging van die konteks voorskryf dat die 5 kg sak gekoop moet word.


want die 10 kg sak kan nie in die taxi pas nie en/of die koper het nie genoeg geld om die 10 kg sak te koop nie en/of die koper het geen nut vir 10 kg nie, ens. Met ander woorde, wiskundige inhoud is slegs een van menige instrumente wat leerlinge moet gebruik om sodoende ondersoek te doen en sin te maak van geskikte konteks.

- **Wiskundige Geletterdheid sluit in die oplossing van bekende en onbekende probleme.**

Dit is onrealisties om te verwag dat in die onderrig van Wiskundige Geletterdheid leerlinge altyd bloot gestel sal word aan konteks wat spesifiek verband hou met hulle lewens, of dat hul blootgestel sal word aan al die konteks waarmee hul eendag mee te doen sal kry in die wêreld. Die doel van hierdie vak is, eerder, om die leerling toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om enige probleme op te los in enige konteks wat hul mee te doen sal kry in die daaglikse lewe en in die werksplek, ongeag of die konteks spesifiek verband hou met hul lewens en of die konteks bekend is. Leerlinge wat wiskundig geletterd is sal die vermoë en vertroue moet hê om enige lewensgetroue konteks waarmee hul te doen kry te interpreteer, en in staat te wees om tegnieke, berekenings en/of ander beskouings te identifiseer en uit te voer om sin te maak uit die konteks. Hiermee ontwikkel Wiskundige Geletterdheid 'n algemene stel vaardighede wat nodig is om besondere probleme mee aan te pak.

As Wiskundige Geletterdheid op hierdie wyse gesien word, dan is 'n *primêre doel* in hierdie vak om leerlinge toe te rus met 'n stel vaardighede wat, beide die wiskundige inhoud gebruik om probleme op te los en die konteks waarin die probleem ontstaan, oortref. Met ander woorde, beide die wiskundige inhoud en die konteks is eenvoudige instrumente: die wiskundige inhoud voorsien leerlinge met 'n middel waarmee hul die konteks ondersoek; en die konteks dra by tot die betekenis van die wiskundige inhoud. Maar wat meer belangrik is, is dat leerlinge die vermoë ontwikkel om beide wiskundige en nie-wiskundige tegnieke en beskouings te bedink en toe te pas om enige konteks te ondersoek en sin van te maak, of die konteks bekend is of nie.

Die interaksie tussen inhoud, konteks en oplossing van probleme word verduidelik in die volgende diagram:¹



Figuur 1: Interaksie tussen inhoud, konteks en probleem-oplossing vaardighede in Wiskundige Geletterdheid

¹ Adapted from: Brombacher, A. 2007. *Mathematical Literacy – A Reader*. Cape Town: Bateleur Books. p.15.

- **Wiskundige Geletterdheid sluit in Besluitneming en Kommunikasie.**

'n Wiskundig Geletterde individu is in staat om opsies te oorweeg deur oplossings te vergelyk, besluite te neem aangaande die mees geskikte keuse vir 'n gegewe kondisie en kommunikeer besluite deur middel van terminologieë (beide wiskundig en nie-wiskundig) wat geskik is in die konteks. In onderrig van Wiskundige Geletterdheid, sal onderwysers leerlinge moet toerus met geleenthede om besluitneming en kommunikasie vaardighede te ontwikkel en te beoefen.

- **Wiskundige Geletterdheid sluit in die gebruik van geïntegreerde inhoud en/of vaardighede om probleme op te los.**

Die inhoud, vaardighede en konteks in hierdie dokument is georganiseer en gekategoriseer volgens Onderwerpe. Maar probleme wat in alledaagse konteks teëkom, word nooit gestruktureer as aparte inhoudelike Onderwerpe nie. Die oplos van lewensgetroue probleme moet in die algemeen eerder die gebruik van inhoud en/of vaardighede insluit wat geneem is van 'n omvang van Onderwerpe. Sodoende sal hul in staat wees om probleme op te los in lewensgetroue konteks wat die vermoë verg om te identifiseer en 'n breër verskeidenheid tegnieke te gebruik, wat geïntegreer is van regoor 'n omvang van inhoudelike Onderwerpe.

Om hierdie elemente van Wiskundige Geletterdheid te illustreer, beskou die volgende twee selfoon advertensies wat voorgekom het in die *Sunday Times* koerant op 11 April 2010.



Konteks: Die konteks is geloofwaardig, soos geneem vanuit 'n koerant, en is relevant want baie mense moet dikwels 'n besluit neem tussen verskillende selfoon kontrak opsies.

Maar let op dat alhoewel die konteks geloofwaardig is, is dit hoogs onwaarskynlik dat hierdie konteks relevant of bekend sal wees aan alle leerlinge. Nietemin, lewens situasies waarin daar van ons verwag word om vergelykings te tref kry ons dikwels mee te doen en 'n wiskundige geletterde individu sal sin kan maak uit hierdie situasies, ongeag van die konteks.

Inhoud: Om die kondisie te bepaal waaronder elkeen van hierdie kontrakte die mees koste effektief sal wees, sal ons berekenings moet uitvoer, tabelle moet voltooi en grafieke moet teken. Watter metode ons ookal kies, die metode vereis 'n begrip van *slags basiese* wiskundige konsepte en berekenings, en vereis nie 'n begrip van komplekse en/of abstrakte wiskundige beginsels nie.

Dit is uiters belangrik om te weet dat die primêre doel wanneer ons werk met hierdie advertensies, nie is om die begrip te toets van 'n sekere afdeling van wiskundige konteks of berekening nie. Die primêre doel is egter om sin te maak van die konteks om sodoende 'n besluit te neem omtrent watter kontrak die mees koste effektief sal wees onder sekere omstandighede.

Nie-wiskundige oorwegings: Alhoewel ons wiskundige berekenings kan gebruik om die kondisies te bepaal waarvoor een kontrak meer koste effektief is as die ander, sal mense 'n spesifieke kontrak kies, nie oor die koste nie, maar oor die maak en model selfoon wat saam met die kontrak kom en/of die funksies wat ingeluit word in die foon. Met ander woorde, alhoewel wiskundige berekenings ons voorsien van 'n dieper insig in 'n scenario, is daar etlike kere nie-wiskundige oorwegings wat ons besluite wat ons maak sal affekteer. 'n Wiskundig geletterde persoon het die vermoë om beide wiskundige en nie-wiskundige oorwegings in rekening te hou en om bewus te wees daarvan dat daar ander faktore is buiten die ekonomie, wat die besluite kan beïnvloed.

Besluitneming en Kommunikasie: Alhoewel ons wiskundige instrumente kan gebruik om die opsies te ondersoek, moet ons onthou dat dit ewe belangrik is om in staat te wees om bevindings te interpreteer, 'n besluit te neem van watter kontrak die mees koste effektiewe opsie is onder sekere omstandighede, en die besluit te neem met 'n bewustheid van nie-wiskundige oorwegings soos die voorkeur van maak, model, kleur, funksies, ens. Die wiskundige berekenings is betekeloos sonder besluitneming en geskikte kommunikasie.

Geïntegreerde inhoud: Om sin te maak van elkeen van die kontrakte, kan ons koste berekenings uitvoer wat insluit optel, vermenigvuldiging en deling. 'n Alternatiewe benadering sal wees die teken van twee grafieke om elkeen van die kontrak opsies voor te stel op dieselfde assestelsel. 'n Verdere benadering sluit in die voltooiing van 'n tabel met waardes. Ongeag van die metode gebruik, sal interpretasie en besluitneming en kommunikasie vaardighede nodig wees om sin te maak van die berekende antwoorde.

Om egter sin te maak van die verskillende selfoon kontrakte, sal 'n verskeidenheid van tegnieke, berekenings, vaardighede en inhoudelike Onderwerpe gebruik moet word. Hierdie benadering moet geneem word vir alle probleem oplossing scenarios.

2.2 Progressie in Wiskundige Geletterdheid

Progressie verwys na die proses van ontwikkeling van meer gevorderde en komplekse kennis en vaardighede. In Wiskundige Geletterdheid, kom progressie voor op drie vlakke:

2.2.1 Inhoud

Een manier waarop Wiskundige Geletterdheid ontwikkel oor al die grade heen, is in terme van wiskundige konsepte/ vaardighede. Bv. in Graad 10 word van leerlinge verwag om te werk met een grafiek op 'n assestelsel; in Graad 11

twee grafieke; en in Graad 12 twee of meer grafieke op dieselfde assestelsel. Dit is egter nie altyd die geval in al die Onderwerpe nie, maar, daar is egter sommige gevalle waar daar nie nuwe inhoud is in Graad 12 in vergelyking met Graad 10 en 11 nie. In sulke gevalle kan progressie plaasvind in verhouding met die konteks en/of probleem-oplossing prosesse.

2.2.2 Konteks

Progressie kom ook voor in verhouding tot die aard, familiariteit en kompleksiteit van die konteks waarin probleme teëkom. Soos beweeg word van Graad 10 na Graad 12, word die konteks minder bekend en meer verwyderd van die ervaring van die leerling en, daarom, minder toeganklik en meer veeleisend. Daar is sekere Onderwerpe waar die fokus in Graad 10 op konteks val wat verband hou met die persoonlike lewens van leerlinge en/of huishoudelike kwessies (bv. persoonlike finansies – selfoon rekeninge; huishoudelike begrotings), in Graad 11 op konteks wat verband hou met die werksplek en/of besigheid omgewing (bv. besigheid finansies – salaris strokies; belasting), en in Graad 12 op konteks wat verband hou met scenarios wat omvattend is met die breër sosiale en politieke konteks geïnkorporeer in nasionale en wêreld kwessies (bv. wisselkoers en inflasie).

Terwyl hierdie breë katagorieë in die konteks goed werk om die progressie te bepaal vir seker Onderwerpe, sal vir ander Onderwerpe, soos meting, kaartwerk en waarskynlikheid, dit nie'n bruikbare indikasie gee in progressie nie. In sulke gevalle, mag progressie voorkom, in verhouding tot die inhoud en/of probleem-oplossing prosesse.

2.2.3 Vertroue in probleem oplossings

Een van die sleutel eienskappe van 'n wiskundige geletterde individue, is die vermoë om te kan identifiseer en geskikte wiskundige en nie-wiskundige tegnieke toe te pas wat nodig is vir oplos van probleme wat teëgekom word in beide bekende en onbekende konteks. Alhoewel, die vermoë om probleme op te los sonder leiding nie iets is wat sommer natuurlik ontwikkel nie, sal dit met domonstrasie en aankweking ontwikkel word vanaf Graad 10 tot Graad 12. Een van die sleutel verskille tussen Graad 10, 11 en 12 leerlinge is die vertroue waarmee leerlinge in staat is om geskikte wiskundige inhoud, tegnieke en ander nie-wiskundige oorwegings te identifiseer en te gebruik om sodoende oorspronklike lewensgetroue konteks te ondersoek sonder leiding en/of steun.

Hierdie progressie in die ontwikkeling van vertroue met probleem oplossing kan direk verbind word met die Wiskundige Geletterdheid Assessering Sistematiek (sien Afdeling 4.3 *Wiskundige Geletterdheid Assessering Sistematiek* en *BYLAAG 1* hieronder vir 'n beskrywing en bespreking van die sistematieke vlakke). In Graad 10, terwyl leerlinge vermag om vrae te beantwoord wat insluit meervoudige-stap prosedures, sal enkel-stap (kennis en/of roetine prosedures) berekenings dikwels verskaf word aan leerlinge sodat hulle die konteks verstaan waarin die probleem aangetref is as voorsorg vir die vrae wat meervoudige-stap prosedures vereis. Die aantal stappe benodig om sulke meervoudige-stap berekenings te doen is egter ook beperk tot twee of drie stappe.

In Graad 12, in kontras, word vermag dat leerlinge in staat sal wees om meervoudige-stap berekenings, wat insluit veelvuldige en komplekse berekenings te doen, met vertroue en sonder leiding of ondersteunende vrae wat insluit een-stap berekenings. Daar is ook 'n groter verwagting dat Graad 12 leerlinge in staat is om geskikte wiskundige inhoud en ander nie-wiskundige oorwegings te identifiseer en te gebruik wat nodig is om probleme op te los.

2.3 Oorsig en gewig van Onderwerpe

Die inhoud, vaardighede en konteks geskik vir Wiskundige Geletterdheid word voorgestel in Onderwerpe in hierdie dokument.

Die Onderwerpe is geskei in *Basiese Vaardighede Onderwerpe* en bevat:

- Interpretiering en kommunisering van antwoorde en berekeninge
- Getalle en berekenings met Getalle
- Patrone, verwantskappe en voorstellings


en *Toepassings Onderwerpe* bevat:

- Finansies
- Meting
- Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld
- Datahantering
- Waarskynlikheid.

Meeste van die inhoud in die *Basiese Vaardighede Onderwerpe* bevat elementêre wiskundige inhoud en vaardighede wat leerlinge alreeds aan blootgestel is in Graad 9 (bv. verskillende Getalformate en -konfensies, bereken persentasies, teken grafieke vanaf tabelle of waardes, ensovoorts). Die insluiting van hierdie inhoud in hierdie dokument verskaf onderwysers die geleentheid op hersiening van hierdie belangrike konsepte en verskaf aan leerlinge die geleentheid om hierdie konsepte te ondersoek in konteks. Daar word verwag dat 'n ferm houvas op die konsepte in die *Basiese Vaardighede Onderwerpe* noodsaaklik is vir die sin maak van die inhoud en konteks uitgestip in die *Toepassings Onderwerpe*.

Die *Toepassings Onderwerpe* vervat die konteks wat verband hou met die scenarios betreffende daaglikse lewe, werksplek en besigheid omgewings, en breër sosiale, nasionale en wêreld kwessies waarvan leerlinge sin moet maak van, en die inhoud en vaardighede wat nodig is om sin te maak van hierdie konteks. Daar word verwag dat leerlinge inhoud en/of vaardighede van die *Basiese Vaardighede Onderwerpe* sal integreer om sodoende sin te maak van die konteks en inhoud uitgestip in die *Toepassings Onderwerpe*.

Figuur 2 wys die oorsig en gewig van die Onderwerpe, wat in ooreenstemming met die Wiskundige Geletterdheid Kurrikulum is, wat georganiseer is in Graad 10, 11 en 12.



Figuur 2: Oorsig en gewig per tema in GRAAD 10, 11 en 12

Kommentaar op die Struktuur van Onderwerpe

Die *Basiese Vaardighede Onderwerpe* is ingesluit aan die linkerkant van die ander Onderwerpe om aan te dui dat die inhoud en/vaardighede uitgewys in hierdie Onderwerpe al die ander onderwerpe in die kurrikulum omvat. Daar word verwag dat die leerlinge die inhoud en/vaardighede van hierdie drie Onderwerpe sal integreer met vertroue in enige konteks en in enige ander Onderwerp waarin dit van belang is en van toepassing is. Die struktuur dui ook die manier aan op watter wyse die kurrikulum geassesseer sal word in Wiskundige Geletterdheid eksamens (sien afdeling 4.2 hieronder vir besonderhede).

Gewig van Onderwerpe

Daar is 'n minimum gewig gekoppel aan elke Onderwerp. Hierdie minimum gewig toekennings stipuleer die minimum getal punte in enige assessering wat aan elke Onderwerp geallokeer moet word. Die oorblywende balans van punte kan dan, of gelyk verdeel word tussen die Onderwerpe, of dit kan geallokeer word aan die Onderwerp wat spesifiek van toepassing en van belang het op die konteks(te) wat ondersoek is in die assessering. Dit sal verseker dat daar genoeg dekking van elke Onderwerp in alle eksamens sal plaasvind en sal toelaat dat groter buigsaamheid in die natuurlike konteks plaasvind wat in diepte ondersoek kan word wat in daardie konteks is.

Dit is belangrik dat ons kennis neem dat geen gewigs toekenning voorsien is vir die *Basiese Vaardighede Onderwerpe*. Die rede is dat hierdie Onderwerpe moet behandel word as 'n integrale afdeling reg deur die *Toepassings Onderwerpe*. Daar is egter 'n verwagting dat die konsepte wat uitgewys is in die *Basiese Vaardighede Onderwerpe* in elke assessering ingesluit sal wees, maar die omvang waarmee hierdie konsepte ingesluit sal word, sal afhang van die onderwyser en/of eksamineerder se eie diskresie.

2.4 Voorgestelde Toedeling van Tyd

OPSOMMING VAN DIE AANTAL WEKE GESPANDEER AAN ELKE ONDERWERP				
		AANTAL WEKE		
		Graad 10	Graad 11	Graad 12
BASIESE VAARDIGHEDE ONDERWERPE	Getalle en berekenings met getalle	5 – 6		
	Patrone, verwantskappe en voorstellings	3 – 4	3 – 4	
TOEPASSINGS ONDERWERPE	Finansies	6 – 7	9 – 10	8 – 9
	Meting	6 – 7	7 – 8	5 – 6
	Kaarte, planne en ander voorstellings van die fisiese wêreld	5 – 6	5 – 6	4 – 5
	Datahantering	4 – 5	4 – 5	5 – 6
	Waarskynlikheid	1 – 2	1 – 2	1 – 2

2.5 Voorgestelde werk skedule

Hieronder is 'n voorgestelde werk skedule vir die hooFpunte wat die *geskatte* tyd se allokering per Onderwerp so wel as 'n besondere opeenvolging van onderrig aandui.

- Die Onderwerpe “Getalle en berkenings met getalle” en “Patrone, verwantskappe en voorstellings” in ingesluit in hierdie skedule om onderwysers die geleentheid te bied om sodoende hersiening te doen in die konsepte van hierdie Onderwerpe. Alhoewel dit belangrik is dat hierdie konsepte nie onderrig word in die afwesigheid van die konteks nie, die leerlinge eerder blootgestel word aan hierdie kosepte in die realiteit.
- Neem ook kennis dat die Onderwerp *Inerpretering en kommunikering van antwoorde en berekenings* nie in hierdie werk skedule voorkom nie. Dit is omdat daar verwag word dat die vaardighede wat hier uitgestip is geïntegreer en onderrig sal word reg deur al die ander Onderwerpe.

Voorgestelde Werk Skedule vir Graad 10

Graad 10: KWARTAAL 1		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op Getalle en berekenings met Getalle	1	2	3	4	5	6	7	8	9
	Kontekste wat fokus op Patrone, verwantskappe en voorstellings									
	Kontekste wat fokus op Meting (Omskakelings en tyd)									
	Taak/Ondersoek									
Assessering	Kontrole toets (dek Getalle en berekenings met Getalle, Patrone, verwantskappe en voorstellings en Meting)									
Graad 10: KWARTAAL 2		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op Finansies (Finansiële dokumente en Tarief stelsels)	1	2	3	4	5	6	7	8	9
	Kontekste wat fokus op Meting (Meting Lengte, Gewig, Volume, Temperatuur)									
	Kontekste wat fokus op Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld (Skaal en Kaart werk)									
	Kontekste wat fokus op Waarskynlikheid									
	Hersiening									
Assessering	Taak/Ondersoek Half-jaar eksamens (2 vraestelle; 1 uur elk; 50 punte elk) (dek Finansies, Meting, Kaarte, en Waarskynlikheid geïntegreer met Getalle en Patrone konsepte)									
Graad 10: KWARTAAL 3		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op Finansies (Inkomste, uitgawes, wins/verlies, inkomste- en uitgawe state en begrotings)	1	2	3	4	5	6	7	8	9
	Kontekste wat fokus op Meting (Omtrek, oppervlakte en volume)									
	Kontekste wat fokus op Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld (Modelle en planne)									
Assessering	Taak/Ondersoek Kontrole toets (dek Finansies, Meting en Modelle en planne, geïntegreer met Getalle en Patrone konsepte)									

Graad 10: KWARTAAL 4		Week Nommer								
		1	2	3	4	5	6	7	8	9
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Rente, Bankwese en Belasting)									
	Kontekste wat fokus op <i>Datahantering</i>									
	Hersiening									
Assessering	Taak/Onderzoek Einde van jaar eksamen (2 vraestelle; 1½ uur elk; 75 punte elk) (dek alle Onderwerpe in the Graad 10 kurrikulum)									

Voorgestelde Werk Skedule vir Graad 11

Graad 11: KWARTAAL 1		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Patrone, verwantskappe en voorstellings</i>									
	Kontekste wat fokus op <i>Meting</i> (Omskakelings en tyd)									
	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Finansiële dokumente; Tarief stelsels; Inkomste, uitgawes, wins/verlies, inkomste-en-uitgawe state en begrotings; Kosprys en verloopspys; Gelykbreekpunt analise)									
	Taak/Ondersoek									
Assessering	Kontrole toets (dek <i>Meting</i> en <i>Finansies</i> , geïntegreer met <i>Getalle en Patrone</i> konsepte)									
Graad 11: KWARTAAL 2		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Rente, Bankwese en Inflasie)									
	Kontekste wat fokus op <i>Meting</i> (Meting Lengte, Gewig, Volume, Temperatuur)									
	Kontekste wat fokus op <i>Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> (Skaal en Kaart werk)									
	Hersiening									
Assessering	Taak/Ondersoek Half-jaar eksamens (2 vraestelle; 1½ uur elk; 75 punte elk) (dek <i>Finansies, Meting</i> en <i>Kaarte</i> , geïntegreer met <i>Getalle en Patrone</i> konsepte)									
Graad 11: KWARTAAL 3		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Meting</i> (Omtrek, Oppervlakte en volume)									
	Kontekste wat fokus op <i>Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> (Modelle en planne)									
	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Belasting)									
	Kontekste wat fokus op <i>Waarskynlikheid</i>									
Assessering	Taak/Ondersoek Kontrole toets (dek <i>Meting, Modelle en planne, Finansies</i> en <i>Waarskynlikheid</i> , geïntegreer met <i>Getalle en Patrone</i> konsepte)									

Graad 11: KWARTAAL 4		Week Nommer								
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Wissel Koers)	1	2	3	4	5	6	7	8	9
	Kontekste wat fokus op <i>Datahantering</i>									
	Hersiening									
	Taak/Onderzoek									
Assessering	Einde van jaar eksamens (2 vraestelle; 2 ure elk; 100 punte elk) (dek alle Onderwerpe in die kurrikulum)									

Voorgestelde Onderrig Plan vir Graad 12

Graad 12: KWARTAAL 1		Week Nommer								
		1	2	3	4	5	6	7	8	9
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Meting</i> (Omskakelings, Tyd)									
	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Finansiële dokumente; Tarief stelsels; Inkomste, uitgawes, wins/verleis, inkomste- en uitgawe state en begrotings; Kosprys en Verkoopsprys; Gelykbreekpunt analise)									
	Kontekste wat fokus op <i>Datahantering</i>									
	Taak en ondersoek									
Assessering	Kontrole toets (dek <i>Meting</i> , <i>Finansies</i> , en <i>Datahantering</i> , geïntegreer met <i>Getalle</i> en <i>Patrone</i> konsepte)									
Graad 12: KWARTAAL 2		Week Nommer								
		1	2	3	4	5	6	7	8	9
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Rente; Bankwese; Inflasie)									
	Kontekste wat fokus op <i>Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> (Skaal en Kaart werk)									
	Kontekste wat fokus op <i>Meting</i> (Meting van Lengte, Gewig, Volume, Temperatuur; Berekening van omtrek, oppervlakte en volume)									
	Hersiening									
Assessering	Taak/Ondersoek Half-jaar eksamens (2 vraestelle; 2 ure elk; 100 punte elk) (dek <i>Finansies</i> , <i>Kaarte</i> , en <i>Meting</i> , geïntegreer met <i>Getalle</i> en <i>Patrone</i> konsepte)									

Graad 12: KWARTAAL 3		Week Nommer								
		1	2	3	4	5	6	7	8	9
Onderwerpe	Kontekste wat fokus op <i>Finansies</i> (Belasting; Wisselkoerse)									
	Kontekste wat fokus op <i>Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> (Skaal en Planne)									
	Kontekste wat fokus op <i>Waarskynlikheid</i>									
	Kontekste wat fokus op <i>Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> (Modelle)									
	Hersiening									
Assessering	Kontrolle toets (dek <i>Datahantering</i> en/of <i>Waarskynlikheid</i> geïntegreer met <i>Getalle en Patrone</i> konsepte)									
	Rekord eksamen (2 vraestelle; 3 ure elk; 150 punte elk) (dek alle Onderwerpe in die kurrikulum)									
Graad 12: KWARTAAL 4										
Onderwerpe	Hersiening									
Assessering	Einde van jaar eksamens (2 vraestelle; 3 ure elk; 150 punte elk) dek alle Onderwerpe in die kurrikulum)									

AFDELING 3

INHOUD EN OMVANG VAN KONTEKS PER ONDERWERP


3.1 Inleiding

Hierdie afdeling van die CAPS dokument verskaf gedetailleerde hoofpunte van die inhoud en/of vaardighede en stel die konteks voor wat onderrig moet word in elke Graad. Die inhoud is georganiseer volgens Onderwerpe en Afdellings.

Die Onderwerpe is verdeel in Basiese Vaardighede Onderwerpe en Toepassings Onderwerpe. Elke Onderwerp is verder verdeel in "Afdelings" wat omvattende beskrywings van die inhoud, vaardighede en voorgestelde konteks gee wat leerlinge aan bloot gestel moet word in elke Graad.

Die dokument maak nie voorsiening vir aparte beskrywings van die konteks vir Graad 10, 11 en 12 nie. Eerder 'n enkele beskrywing van die inhoud is verskaf wat insluit Graad 10 inhoud, Graad 11 inhoud en Graad 12 inhoud, en 'n indikasie word verskaf van watter afdeling van die beskrywing behoort aan Graad 10, watter aan Graad 11 en watter aan Graad 12. Hierdie verskaf 'n duidelike beskrywing van die verwagte progressie van elke kwartaal se inhoud en konteks vanaf Graad 10 tot Graad 12.

Die volgende diagram illustreer hoe die kurrikulum gestruktureer is in die bladsye wat volg.



Figuur 3: Struktuur van die Wiskundige Geletterdheid kurrikulum in die CAPS dokument per Onderwerpe en Afdelings

Voorbeelde wat moontlike konteks en probleme, verwant aan die inhoud en vaardighede uitwys in elke afdeling, word voorsien. Hierdie voorbeelde dien as 'n gids eerder as 'n volledige lys.

3.2 Oorsig van die konteks, inhoud en/of vaardighede per Onderwerp en Graad

Basiese Vaardighede Onderwerpe

Onderwerp	Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Leerlinge sal die inhoud en/of vaardighede uitgestip in the Basiese Vaardighede Onderwerpe gebruik om situasies te verstaan en probleme op te los in scenarios wat behels <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid</i> . Hoe leerlinge van hierdie Basiese Vaardighede Konsepte gebruik maak sal bepaal word deur die konteks waarin spesifieke probleme voorkom bv. bankwese, of die konstruksie van 'n huis, of die interpretering van die populasie statistieke.				
Interpretering en kommunikerings van antwoorde en berekeninge	Interpreterer antwoord	• Kontroleer die juistheid van 'n oplossing deur dit te vergelyk met die beraamde oplossing • Verander die oplossing soos verlang deur die konteks van die probleem • Rond getalle op, af, na bo of onder (tot 'n paslike getal of desimale plek) afhangende van die vereiste van die konteks • Bepaal die mees geskikte eenheid waarin die antwoord uitgedruk kan word • Herbereken probleme as die aanvanklike voorwaardes verander • Herken dat 'n fout in meting of 'n klein verandering in afronding 'n groot verskil kan maak aan die antwoord as die fout of verandering saamgedra word oor baie berekenings of deur 'n groot vermenigvuldiging		
	Kommunikasie	• Bespreek oplossings deur gebruik te maak van die mees geskikte terminologie, simbole en eenhede • Gee duidelike bewerkings en metodes wat gebruik is om probleme op te los • Regverdig vergelykings en opinies met sakrekenaars of informasie wat verskaf is in konteks		
Getalle en berekeninge met Getalle	Getalformate en -konfensies	• Getal formate: desimale komma; duisende-skeiers; positiewe en negatiewe getalle as rigting aanwysers; Getalle in woord formaat • Getal gebruike (bv. Verskillende gebruiksvorme van getalle soos in Krieket en Woonstel nommer stelsel)		
	Bewerkings met getalle en berekeningsvaardighede	• Skatting van die verwagte oplossing van berekenings • Optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling van Heelgetalle en desimale • Vermenigvuldiging en deling deur 10, 100 en 1 000 <i>sonder</i> die gebruik van 'n sakrekenaar • Orde van bewerkings (BODMAS) en hakies • Optel en vermenigvuldiging feite (distributiewe en assosiatiewe eienskappe) • Vierkante, derde magte, vierkants wortels • Bewerkings deur gebruik te maak van breuke • Ken en gebruik die verskillende funksies van 'n basiese sakrekenaar		
	Afronding	• Tipes Afronding en die effek van Afronding		
	Verwantskappe	• Basiese verwantskap konsep en verwantskap berekeninge		
	Eweredigheid	• Direkte Eweredigheid en indirekte (inverse) Eweredigheid		
	Koers	• Koers notasie, tipes Koerse (konstante, gemiddelde, koste, verbruikers en afstand, spoed en tyd Koers) en koers berekenings		
	Persentasies	• Persentasie notasie en persentasie berekenings		

Onderwerp	Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Patrone, verwantskappe en voorstellings	Verstaan grafieke wat 'n storie vertel	Inhoud en/of konteks beperk tot dit wat insluit: - Vaste en lineêre verwantskappe - Enkel verwantskappe - Geen benadering benodig in die bepaling van die waardes in tabelle en grafieke	Inhoud en/of konteks beperk tot dit wat insluit: - Vaste, lineêre, inverse Ewerdigheid, saamgestelde groei en ander nie-lineêre verwantskappe - Twee verwantskappe - Benadering nodig in die bepaling van waardes in tabelle en op grafieke	Inhoud en/of konteks beperk tot dit wat insluit: - Vaste, lineêre, inverse Ewerdigheid, saamgestelde groei en ander nie-lineêre verwantskappe - Twee of meer verwantskappe - Benadering nodig in die bepaling van waardes in tabelle en op grafieke
	Patrone en Verwantskappe			
	Voorstellings van verwantskappe in tabelle, vergelykings en grafieke			
	Werk met twee of meer verwantskappe en/of voorstellings	---		

Toepassings Onderwerpe

Onderwerp	Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12	
Finansies	Finansiële dokumente	Konteks is beperk tot die wat deel met persoonlike en/of huishoudelike finansies	Konteks is beperk tot die wat deel met persoonlike, huishoudelike, werksplek en/of besigheids finansies	Konteks is beperk tot die wat deel met persoonlike, huishoudelike, werkplek, besigheids, nasionale en wêreld finansies, en meer komplekse finansiële scenarios	
	Tarief stelsels				
	Inkomste, uitgawes, wins/verleis, inkomste- en uitgawe state en begrotings				
	Kosprys en verkoopsprys	-----			
	Gelykbreekpunt analise	-----			
	Rente	Konteks is beperk tot die wat deel met persoonlike en/of huishoudelike finansies			
	Bankwese, lenings en beleggings	Konteks is beperk tot BTW			
	Inflasie				-----
	Belasting				
	Wisselkoers	-----			Groter projekte in die bekende konteks van die huishouding, skool en/of breër gemeenskap
Meting	Omskakelings	Eenvoudige opdragte in die bekende konteks van die huishouding			
	Meting lengte				
	Meting gewig				
	Meting volume				
	Temperatuur				
Bereken omtrek, oppervlakte, en volume	Werk met tyd formate en berekenings om daaglike aktiwiteite te beplan en te voltooi in die bekende konteks van die huishouding	Werk met tyd formate en berekenings om daaglike aktiwiteite te beplan en te voltooi in die huishouding, skool en breër gemeenskap	Werk met tyd formate en berekenings om daaglike aktiwiteite en reise te beplan en te voltooi in beide bekende en onbekende konteks		
Tyd					

Onderwerp	Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld	Skaal	Kaarte en planne van bekende konteks en/of eenvoudige strukture (bv skool)	Kaarte en planne van minder bekende konteks en/of strukture (bv kantoorspasie) en modelle van verpakking houers	Kaarte en planne van onbekend konteks en/of komplekse strukture (bv RDP huise) en modelle van verpakking houers en geboue
	Kaarte		Kaarte en planne van minder bekende konteks en/of strukture	Kaarte en planne van moontlike onbekende konteks en/of komplekse strukture
	Planne			
Datahantering	Modelle	Werk met werklike blikkies en kartonbokse om die verpakking samestelling te verken	Bou 3D skaal modelle van verpakking houers om die samestelling te ondersoek Teken 2D skaal prente van 3D verpakking houers	Bou 3D skaal modelle van verpakking houers en geboue om te bepaal hoe die finale produk sal lyk Teken 2D skaal prente van 3D verpakking houers
	Ontwikkeling van vrae	Data is beperk tot konteks wat verband hou met persoonlike lewens van leerlinge Van leerlinge word net verwag om met een stel data te werk	Data is beperk tot konteks wat verband hou met persoonlike lewens van leerlinge en breër sosiale sake Van leerlinge word verwag om net twee stelle data te werk en met vergelykings tussen hulle	Data is beperk tot konteks wat verband hou met persoonlike lewens van leerlinge, breër sosiale sake en nasionale en/of wêreld sake Van leerlinge word verwag om met meervoudige stel data te werk en vergelykings tussen hulle te tref
	Versameling van data			
	Klassifisering en organisering van data			
	Opsomming van data			
	Voorstelling van data			
Waarskynlikheid	Interpretering en analisering van data	Onderzoek waarskynlikheid in scenarios betreffende: • Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik • Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik • Toetse waar daar 'n kans is vir onnoukeurige resultate • Kosmetiese en ander produkte wat verklarings maak aangaande Waarskynlikheid	Onderzoek waarskynlikheid in scenarios betreffende: • Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik • weervoorspellings • Toetse waar daar 'n kans is vir onnoukeurige resultate • Kosmetiese en ander produkte wat verklarings maak aangaande Waarskynlikheid	Onderzoek waarskynlikheid in scenarios betreffende: • Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik • weervoorspellings • Toetse waar daar 'n kans is vir onnoukeurige resultate • Kosmetiese en ander produkte wat verklarings maak aangaande Waarskynlikheid • Lotery en ander dobbel speletjies • Risiko assesserings; koerant artikels wat verwys na waarskynlikheid
	Uitdrukkings van Waarskynlikheid			
	Voorspelling			
	Voorstelling om moontlike uitkomst te bepaal			
	Waarde bepaling van uitdrukkings wat met Waarskynlikheid te doen het			

3.3 Gedetailleerde hoofrpunte van inhoud/vaardighede moet per Graad onderrig word

DEEL 1:
Basiese Vaardighede Onderwerpe

Onderwerp: Interpretering en kommunisering van antwoorde en berekeninge			Graad 10, 11 en 12
Voorgestelde Onderrig tyd:		Voorgestelde handleidings en/of hulpmiddels:	Die vaardighede geassosieer met die interpretering en kommunisering van antwoorde is toepaslik op elke Onderwerp en Afdeling in die KURRIKULUM en reg deur elke Graad. Leerlinge moet deurentyd gewys word hoe om antwoorde te interpreteer in verwantskap met die konteks waarin die antwoord bereken is en hoe om hul antwoorde te verduidelik op 'n geskikte manier. Vir hierdie rede is daar dus geen indikasie van "Voorgestelde onderrig tyd" van die "KWARTAAL" gegee waarin hierdie onderrig moet word nie.
		Handboeke	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad	
Interpretering van antwoorde	Kontroleer die juistheid van 'n oplossing deur dit te vergelyk met die beraamde oplossing. Verander die oplossing soos verlang deur die konteks van die probleem. <i>(bv. As daar bereken is dat 6,2 liters verf benodig word om 'n muur te verf, moet die waarde afgerond word na bo m.a.w. na 7 liters want daar word meer as 6 liters verf benodig en verf word nie verkoop in desimale eenhede van 'n liter nie. As die verf slegs verkoop word in 5 liter houers, sal 10 liter verf gekoop moet word en nie die berekende 6,2 liters of die afgeronde 7 liters nie.)</i> Rond getalle na bo, na onder, af of op (tot 'n paslike getal of desimale plek) afhange van die vereiste van die konteks. Bepaal die mees geskikte eenheid waarin die antwoord uitgedruk kan word soos bepaal word deur die konteks waarin die probleem voorkom. <i>(bv. Wanneer gewerk word met kaarte, word lengtes gewoonlik gemeet in mm of cm, maar werklike afstande word algemeen uitgedruk in m of km; verder word werklike afstande algemeen verwys na vol kilometers sonder desimale waardes.)</i> Herbereken probleem as die aanvanklike voorwaardes verander. <i>(bv. Herbereken die maandelikse afbetalings bedrag op 'n kar se lening as daar 'n styging is in die rentekoers.)</i> Herken dat 'n fout in meting of 'n klein verandering in afronding 'n groot verskil kan maak aan die antwoord as die fout of verandering saamgedra word oor baie berekenings of deur 'n groot vermenigvuldiging <i>(bv. Op 'n kaart van 'n skaal van 1:500 000, sal 'n meting van 0,5 cm op die kaart 'n berekenings fout van 2,5 km op die werklike afstand hé.)</i>	10, 11 en 12	
	Kommunikasie	Bespreek oplossings deur gebruik te maak van die mees geskikte terminologie, simbole en eenhede. Gee duidelike bewerkings en metodes wat gebruik is om probleem op te los. Regverdig vergelykings en opinies, met sakrekenaars of informasie wat verskaf is, in konteks.	10, 11 en 12

Onderwerp: Getalle en berekeninge met Getalle			Graad 10, 11 en 12	
Voorgestelde Onderrig tyd:		Voorgestelde handleidings en/of hulpbronne :		
Graad 10: 4–5 weke		• Handboeke • “Basiese Vaardighede vir Wiskundige Geletterdheid” (2009) boekie geplubiseer deur DBE		
Dit is te verwagte dat leerlinge ‘n verskeidenheid van getal konsepte en berekenings sal gebruik soos wat hul die konteks ondersoek en probleme oplos wat verband hou met die Onderwerpe van <i>Finansies</i> , <i>Meting</i> , <i>Kaarte</i> , <i>planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld</i> , <i>Datahantering</i> en <i>Waarskynlikheid</i> . Die inhoud en/of vaardighede uitgestip in hierdie Onderwerp moet gebruik word saam met die inhoud en/of vaardighede en konteks uitgestip in hierdie toepassings Onderwerpe. Hoe leerlinge gebruik maak van hierdie getal konsep sal bepaal word deur die konteks waarin spesifieke probleme ontstaan – soos persoonlike finansies, verf van ‘n kamer of die beplanning van ‘n uitstap.				
Onderrig tyd is geallokeer slegs op die hersiening en/of onderrig van hierdie getal konsepte in Graad 10. Daar is nuwe getal konsepte in Graad 11 en 12. Daar word egter verwag dat alle leerlinge enige berekening aangaande getal konsepte met vertroue in enige konteks of probleem, waarin getal konsepte voorkom, kan uitvoer.				
Omvang van konteks en/of inhoud per Afdeling en Graad:				
Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12	
Getalformate en konfensies	Getal konsepte moet gebruik word in die konteks van:	Getal konsepte moet gebruik word in die konteks van:	Getal konsepte moet gebruik word in die konteks van:	
Berekenings met getalle en berekenings vaardighede	• Finansies → persoonlike en/of huishoudelike finansies • Meting → eenvoudige take in die bekende omgewing van die huishouding	• Finansies → persoonlike, huishoudelike, besigheid en werksplek finansies • Meting → groter take in bekende konteks van die huishouding en skool	• Finansies → persoonlike, huishoudelike, besigheid, werksplek, nasionale en wêreld finansies • Meting → komplekse take in bekende en onbekende konteks	
Afronding	• Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld → kaarte en planne van bekende konteks en/of eenvoudige strukture	• Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld → kaarte en planne van minder bekende konteks en/of strukture	• Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld → kaarte en planne van moontlik onbekende konteks en/of komplekse strukture	
Verwantskap	• Datahantering → data betrekking op die persoonlike lewens van leerlinge	• Datahantering → data betrekking op die persoonlike lewens van leerlinge en breër sosiale sake	• Datahantering → data betrekking op die persoonlike lewens van leerlinge, breër sosiale sake en nasionale/wêreld sake	
Eweredigheid	• Waarskynlikheid → Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik en weervoorspellings	• Waarskynlikheid → Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik en weervoorspellings, toetse waar daar ‘n kans is vir onnoukeurige resultate en kosmetiese en ander produkte wat verklarings maak aangaande waarskynlikheid	• Waarskynlikheid → Speletjies wat munte en dobbelstene gebruik en weervoorspellings, toetse waar daar ‘n kans is vir onnoukeurige resultate en kosmetiese en ander produkte wat verklarings maak aangaande waarskynlikheid	
Koers				• Lotery en ander dobbel speletjies
Persentasies				• Risiko assesserings; koerant artikels wat verwys na waarskynlikheid

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Vir alle berekenings rakende getalle, word daar van leerlinge verwag om met getalle te werk in die volgende formate: heelgetalle; desimale; breuke; persentasies.		
	Werk met die volgende getalformate: - desimale komma en desimale punt (bv 1,2 en 1.2) - duisende-skeiers (bv "spasie" → 1 000 000; en "komma" → 1,000,000) - positiewe en negatiewe getalle as rigting aanwysers (bv -10° dui 10 grade onder vriespunt aan; R300,00 dui krediet aan terwyl $-R300,00$ debiet aandui) - Getalle in woord formaat, insluitende: 1 honderd duisend = 100 000 1 miljoen = 1 000 000 1 biljoen = 1 000 000 000 Interpreteer, verstaan en gebruik verskillende getalkonfensies in konteks en herken dat alhoewel hierdie voorstellings lyk soos getalle, kan dit nie gemanipuleer word op dieselfde manier nie (bv: 'n "beurt" ("over") in krieket is voltooi as 6 balle geboul is; 1214 as 'n getal in 'n gebou verwys na eenheid 14 op die 12de vloer). <u>Om te kan:</u> Sin maak van scenarios wat betref die Onderwerpe van <i>Finansies</i>, <i>Meting</i>, <i>Kaarte</i>, <i>planne</i> en <i>ander voorstellings in die fisiese wêreld</i>, <i>Datahantering</i> en <i>Waarskynlikheid</i>.	10, 11 en 12

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Bewerkings met getalle en berekeningsvaardighede	Voer die volgende berekenings uit van getalle wat uitgedruk word as heelgetalle, breuke, die volgende berekenings vir getalle uitgedruk as Heelgetalle, breuke, desimale getalle en persentasies • Skatting van die verwagte oplossing van berekenings* • Optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling met of sonder sakrekenaar • Vermenigvuldiging en deling deur 10, 100 en 1 000 <i>sonder</i> die gebruik van 'n sakrekenaar • Herken die effek van hakies en die orde van bewerkings (BODMAS) en maak gebruik van hakies in die reëls en uitvoer van berekenings • Optel en vermenigvuldiging feite (distributiewe en assosiatiewe eienskappe) vir vereenvoudiging van bewerkings – nie nodig om die name van hierdie feite te ken nie • Bepaal die vierkant en derde mag van 'n getal met die gebruik van 'n sakrekenaar • Bepaal die vierkantswortel ($\sqrt{\quad}$) van 'n getal met die gebruik van 'n sakrekenaar • Bewerkings deur gebruik te maak van breuke asook die omskakeling tussen ekwivalente vorms van breuke • Ken en gebruik die verskillende funksies van 'n basiese sakrekenaar - Vind die desimale ekwivalent van enige breuk deur gebruik te maak van die sakrekenaar Gebruik die volgende funksies op 'n basiese sakrekenaar: • Optel, aftrek, vermenigvuldiging en deling • Persentasie • "memory" (M+, M–, MRC), "clear" (C) en "clear all" (CE) sleutels	10, 11 en 12
Bewerkings met getalle en berekeningsvaardighede (vervolg)	<u>Om te kan:</u> Sin maak van die scenarios betreffende die Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering</i> en <i>Waarskynlikheid</i>. Addisionele opmerkings: * Skatting van 'n antwoord van 'n probleem is 'n baie kritiese stap in enige berekening om twee redes. Eerstens, voordat 'n antwoord geskat kan word, moet daar 'n behoorlike verstaan van die probleem plaasvind. Tweedens, 'n geskatte antwoord verskaf 'n beginpunt waarteen die berekende antwoord vergelyk kan word: as die sakrekenaar antwoord en die geskatte antwoord baie verskil, dan verskaf dit 'n bewys dat daar 'n moontlike probleem is. Dit word van leerlinge verwag om bewyse te lewer van hul geskatte antwoorde vir elke tipe berekening wat hul voor te staan kom, insluitende berekenings met desimale en breuke, verwantskap, eweredigheid, koers en persentasies. * In Wiskundige Geletterdheid, word daar van leerlinge verwag om slegs berekenings te doen deur gebruik te maak van 'n basiese (nie-wiskundige) sakrekenaar. • Slegs vierkante (verhef tot die mag 2) en derdemagte (verhef tot die mag 3) word verlang • Slegs vierkantswortel ($\sqrt{\quad}$ of $\sqrt[3]{\quad}$) word verlang	

Onderwerp: Getalle en berekening met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Afronding	Afronding* op die volgende wyses: - af (na 'n spesifieke getal, desimale plek of heelgetal) - af tot die naaste 5 ('n algemene bedryf in supermarkte vandat 1 c en 2 c stukke nie meer beskikbaar is nie) - na bo - na onder met die verstande: - dat die manier waarop die waarde afgerond moet word en/of die getal of desimale plek waartoe die waarde afgerond moet word bepaal sal word deur die konteks waarin die afronding plaasvind (bv. Geld word altyd afgerond tot twee desimale plekke; verf hoeveelheid word na bo afgerond tot die naaste liter; oplossings waarby mense betrokke is, word na bo of na onder afgerond tot die naaste heelgetal afhangende van die konteks) - die moontlike effek wat afronding binne 'n bewerking het op die waardes van die finale berekende antwoord (bv. Wanneer gewerk word met 'n skaal van 1:500 000 op 'n kaart, kan 1 mm fout in die meting 'n verskil van 0,5 km op die werklike afstand maak) <u>Om te kan:</u> Sin maak van die konteks en probleme insluitende die Onderwerpe van Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid.	10, 11 en 12
	Additional opmerkings: * In Graad 10, sal daar duidelike instruksies wees tot watter tipe afronding en/of geskikte getal of desimale plek die antwoord afgerond moet word. In Graad 11 en 12, word daar van die leerder verwag om te bepaal watter vorm van Afronding en/of getal of desimale plek gepas is vir die berekening of waarde.	
	Moontlike Assessering (Inkorporeer afronding, verwantskap, skale en kaarte): <u>Taak:</u> Ondersoek die impak van Afronding Meet 'n afstand akkuraat op 'n kaart. - Gebruik 'n gegewe skaal om die werklike afstand te bereken - Ondersoek die impak wat afronding na bo en na onder van die gemete afstand het op die berekende finale afstand	10

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Verwantskap	Voer die volgende berekenings uit betreffende Verwantskap: - herlei tussen verskillende forms van 'n verhouding (bv. As die skaal van die plan 1:100, dan sal 1 cm gemeet op die plan gelyk wees aan 1 m (100 cm) in werklike lengte) - Bepaal die vermiste getal in 'n verhouding (bv. As sement, sand en steen gemeng moet word in die verhouding 1:2:2 om 'n hoë sterkte beton te kry, hoeveel kruiswaens sand en steen moet gemeng word met 50 kruiswaens sement?) - Deel of verdeel 'n getal in 'n gegewe verhouding (bv. Hoeveel millimeters van die kleur en peroksied sal 'n haarkapper benodig as 'n 50 ml mengsel van die kleur en peroksied gemeng word in die verhouding 1:2?) met die verstande dat: - daar verskillende formate is vir verhoudings bv. 1:50 en/of $\frac{1}{50}$ - daar geen eenhede ingesluit word in 'n verhouding nie - Ekwivalente Verhoudings (bv. 1:50 = 2:100) - Hoe om 'n verhouding in 'n eenheidvorm te skryf (bv. 3:8 kan geskryf word as 1:2,667) <u>Om te kan:</u> Sin maak uit situasies en berekenings betreffende: - Vermenging van hoeveelhede - Ewerdigheid - Koers (bv. Elektrisiteits tariewe; spoed) - Persentasie berekenings - Herleidings - Skale - Uitdrukkings van Waarskynlikheid - Enig ander scenarios wat betrekking het op die Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid</i>, waarin verhouding van toepassing is	10, 11 en 12

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad	
Eweredigheid	Doen bewerkings wat betrekking het op: • direkte eweredigheid (bv. As die koste van 'n uitstappie R5,00 per km is, dan sal 'n 85 km uitstappie $R5,00/km \times 85 km = R425,00$ kos; as $50 m^2$ mat R1 750,00 kos, dan sal $1 m^2$ mat $R1\ 750,00 \div 50 = R35,00$ kos) • indirekte (omgekeerde) eweredigheid (bv. 'n Sokker seisoen kaartjie kos R800,00. As jy slegs een wedstryd gedurende die seisoen kyk, sal die koste per wedstryd R800,00 wees; vir 2 wedstryde sal die effektiewe koste per wedstryd wees R400,00; en so voorts) Interpreteer grafieke wat situasies voorstel van direkte en indirekte eweredigheid en wat die verskil illustreer tussen die twee tipes eweredigheid.* <u>Om te kan:</u> Sin maak van die konteks en probleme betreffende die Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid.</i>	10, 11 en 12	
	Addisionele konteks/hulpbronne en opmerkings: * Hierdie afdeling vereis integrasie met die inhoud/vaardighede en konteks wat verband hou met grafieke soos uitgestip in die Onderwerp <i>Patrone, verwantskappe en voorstellings</i> .		
		Moontlike Assessering: <u>Ondersoek:</u> <i>Vergelyk direkte en indirekte eweredigheid</i> • Kies twee verskillende geloofwaardige werklike scenarios wat direkte eweredigheid en omgekeerde eweredigheid insluit • Teken grafieke om elke scenario voor te stel • Ondersoek, beskryf en verduidelik die vorm van die grafiek met betrekking tot elke scenario	10

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Koers	Bereken die volgende tipe Koerse: - Kostekoerse (bv. prys van hoender in Rand/kg) - verbruikerskoerse (bv. petrol verbruikerskoers van 'n kar in liters/km) - Tydgebaseerde koerse - afstand, tyd en spoed (bv. gemiddelde spoed van 'n kar in km/h) - Meer komplekse koerse (bv. Petrol verbruik van 'n kar uitgedruk in liters/100 km; die hardloop spoed van 'n marathon atleet gemeet in min/km) Met bewustheid van: - Die betekenis van "per" as "per" en the toepaslikheid van hierdie term in verwantskap tot die waardes van die koers (bv. km/h beteken die aantal km gereis in 1 uur) - Die verskil tussen 'n konstante en 'n gemiddelde koers (bv. Die prys van hoender in Rand/kg is 'n konstante koers terwyl die spoed van 'n kar in km/h 'n gemiddelde koers is) - Hoe om koers in eenheidvorm te skryf - Hoe om koerse te vereenvoudig en te vergelyk (bv. is dit meer koste effektief om 'n 4 kg houer waspoeier te koop wat R42,99 kos of 'n 5 kg houer wat R47,50 kos?) <u>Om te:</u> Sin maak uit situasies wat betrekking het op: - koste (bv. die prys van 'n liter verf) - tariwes (bv. elektrisiteit, water, vervoer) - verbruik (bv. water of petrol verbruik) - berekenings van geskatte reis- tyd, afstand en spoed deur gebruik te maak van kaarte - herleidings - enige ander vorm in die konteks van die Onderwerpe van Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid, waarin koers voorkom	10, 11 en 12
	Moontlike Assessering: Taak: Vergelyk pryse A - Besoek 'n supermark en skryf inligting neer van verskillende kruidentiersware items se grootte/gewig/volume - Bepaal die mees koste-effektiewe grootte van elke kruidentiersware item - Bespreek redes waarom 'n spesifieke grootte van 'n kruidentiers item die mees koste-effektief is - Bespreek redes, anders as die koste, wat die grootte van die kruidentiers item sal affekteer wat 'n persoon sal laat besluit om dit te koop	10

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Persentasies	Voer die volgende persentasie berekenings uit: - Bereken die persentasie van 'n waarde (bv. as 14% afslag aangebied word op 'n paar skoene van R200,00, hoeveel afslag sal jy ontvang?) - Vermeerder 'n waarde met 'n persentasie (dit is, bereken die persentasie van die waarde en tel dit by die waarde) (bv. As 'n bottel melk wat R8,20 kos vermeerder met 5% in prys, wat sal die nuwe prys van die melk wees?) - Verminder die waarde met 'n persentasie (dit is, bereken die persentasie van die waarde en trek dit van die waarde af) (bv. As jy 'n 10% afslag gegee word op 'n paar skoene van R300,00, hoeveel sal jy vir die skoene betaal?) - Druk 'n deel van 'n geheel uit as 'n persentasie (bv. as 'n leerder 'n punt behaal van 42/60 vir 'n toets, wat is sy persentasie vir die toets?) - Bepaal persentasie toemane (vermeerdering) en/van 'n fname (vermindering) (bv. as die prys van 'n sak mieliemeel vermeerder van R48,99 tot R52,49, met watter persentasie het hierdie prys toegeneem?) - Bepaal die oorspronklike waarde wanneer 'n waarde gegee word waar 'n persentasie bygetel van 'nftrek is (bv. As die prys van 'n paar skoene na 'n afslag van 15% R325,00 is, wat was die oorspronklike prys van die skoene?) met die bewustheid van: - Die ekwivalensie van die verskillende formate 50%, $\frac{50}{100}$ en $0,5$ - Hoe om te wissel van breuke na persentasies - Hoe om persentasie te herlei na desimale met die gebruik van 'n sakrekenaar <u>Om te:</u> Sin maak uit situasies wat betrekking het op: - afslag - belasting - begrotings - punte - skatting van gemete hoeveelhede (bv. verf, beton) om vermorsing in berekening te bring - voorstelling en/of vergelyking van data waardes in tabelle en op grafieke - uitdrukkings van waarskynlikheid - enige ander probleem in konteks van die Onderwerpe van Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid, waarop Persentasies 'n betrekking het	10, 11 en 12

Onderwerp: Getalle en berekeninge met getalle			Graad 10, 11 en 12	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks		Graad	
	Moontlike Assessering: <u>Taak:</u> <i>Vergelyk werklike en relatiewe grootte</i> Beskou twee verskillende items wat se pryse toegeneem het en dan • werk die werklike styging in Rand uit vir die prys van elke item • werk die persentasie verandering in prys van elke item uit • vergelyk die werklike vermeerdering met die persentasie vermeerdering en bespreek die nut van Persentasies.	A	10	

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings			Graad 10, 11 en 12
Voorgestelde onderrig tyd:		Aanbevole tekste en/of hulpbronne:	
Graad 10: 4–5 weke		• Handboeke	
Graad 11: 3–4 weke		• “Basiese Vaardighede vir Wiskundige Geletterdheid” (2009) boekie geplubiseer deur die DBE	
Leerlinge gaan gebruik maak van 'n hele verskeidenheid van Patrone, verwantskappe en voorstellings van daardie verwantskap soos wat hul die konteks ondersoek en probleme oplos in <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid</i> . Die inhoud en/of vaardighede uitgestip in hierdie Onderwerp moet gebruik word in samewerking met die inhoud en/of vaardighede en konteks uitgestip in die ander toepaslike Onderwerpe. Hoe leerlinge gebruik maak van hierdie getal konsep sal bepaal word deur die konteks waarin spesifieke probleme ontstaan, bv. tarief stelsels of besigheid finansies.			
Onderrig tyd is geallokeer slegs op die hersiening en/of onderrig van hierdie patrone, verwantskappe en voorstellings in Graad 10 en 11. Daar is nuwe inhoud in Graad 12. Daar word egter verwag dat leerlinge tabelle, vergelykings en grafieke kan konstrueer en interpreteer om sin te maak uit enige konteks of probeleem waarin hierdie konsep voorkom en moet spesifiek kan werk met twee (Graad 11) of meer (Graad 12) verwantskappe terselfdertyd in 'n eenvoudige voorstelling (tabel en/of grafiek).			
Omvang van die konteks en/of inhoud per afdeling en Graad:			
Afdeling	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Verstaan grafieke wat 'n storie vertel	In Graad 10, <i>Patrone, verwantskappe en voorstellings</i> van verhoudings is beperk tot die konteks betreffende: • konstante(vaste), lineêr en omgekeerde eweredigheid verhoudings	In Graad 11 en 12, <i>Patrone, verwantskappe en voorstellings</i> van verwantskappe is beperk tot die konteks begrepende: • konstante, lineêr, omgekeerde eweredigheid, eksponensiaal(saamgestelde groei) en ander nie-lineêre verhoudings wat geskik is in die konteks wat gespesifiseer is in die Onderwerpe <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid</i>	
Patrone en verwantskappe	• slegs een verhouding in 'n tabel of 'n assessetel (bv. ondersoek die koste van 'n enkel selfoon kontrak eerder as om twee kontrakte te vergelyk)	• in Graad 11, twee verhoudings in 'n tabel of 'n assessetel (bv. vergelyk twee verskillende selfoon rekening opsies)	• in Graad 12, twee of meer verhoudings in 'n tabel of 'n assessetel (bv. vergelyk drie verskillende elektrisiteit rekening opsies)
Voorstelling van verwantskappe in tabelle, vergelykings en grafieke			
Werk met twee of meer verwantskappe en/of voorstellings			

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Verstaan grafieke wat 'n storie vertel *	Werk met 'n verskeidenheid van grafieke wat in koerante, tydskrifte en ander hulpbronne voorkom waar daar nie duidelike of gegewe vergelykings en/of Patrone tussen die veranderlikes voorgestel word in die grafieke nie.	10, 11 en 12
	<u>Om te:</u>	
	Herken dat grafieke 'n storie vertel en in staat is om die storie/boodskap/indruk te verduidelik wat in die grafiek voorgestel word	
	Herken dat die grafieke 'n verwantskap tussen twee of meer items/hoeveelhede voorstel en om in staat te wees om die items te identifiseer en die verwantskap te beskryf	
	Herken en beskryf die vorm en rigting van die grafiek en die veranderinge in die vorm en rigting van die grafiek wat 'n effek het op die storie of boodskap wat voorgestel word	
	Herken en beskryf die doel van die verskillende punte op die grafiek, insluitende:	
	• die punte waar die grafiek(e) die vertikale en horisontale asse kruis; • maksimum en minimum punte op die grafiek; • die punte waar verskillende grafieke kruis.	
Addisionele opmerkings:		
* Die primêre doel van hierdie afdeling is om die leerder die geleentheid te bied om 'n verskeidenheid van verskillende tipes grafieke te ondersoek om sodoende 'n gevoel te ontwikkel vir grafieke en te verstaan dat grafieke 'n storie vertel en 'n boodskap oordra aan die leser, sonder om deur formele wiskundige prosedures oorval te word wat vergelykings, stippling van punte, substitusie, ens. insluit. Hierdie afdeling gee ook die leerlinge die geleentheid om grafieke te beskryf deur gebruik te maak van alledaagse en/of bekende terminologie (bv. "gaan op"; "top") eerder as om wiskundige terminologie te gebruik (bv. "vermeerder"; "maksimum"). Die fokus in hierdie afdeling moet wees op die verstaan van die grafiek en die boodskap wat die grafiek uitdra eerder as die formele grafiek prosedures en terminologie.		

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12																																
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks					Graad																												
Patrone en verwantskappe	Werk met die volgende tipes formele verwantskappe tussen hoeveelhede gevind in beide getalle (bv. selfoon koste) en meetkundige (bv. teël patrone) vorme in konteks van situasies wat verband hou met die Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid</i>. - Verwantskappe waar daar geen verskil is (dit is, 'n <u>konstante</u> of <u>vaste</u> verwantskap) tussen die terme in die verwantskap nie. - bv. 'n Skool huur 'n bus teen 'n koste van R10 000,00 per dag. Hierdie koste bly vas maak nie saak hoe ver die bus ry of hoeveel mense op die bus is nie. - Verwantskappe waar daar 'n <u>konstante verskil</u> is tussen die terme in die verwantskap (dit is, direkte eweredigheds verwantskappe en ander lineêre verwantskappe). bv. Die tabel hieronder dui die koste aan om 'n kar vol petrol te maak teen 'n koste van R7,50 per liter. <table><tr><td>Liters</td><td>0</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td><td>...</td><td>50</td></tr><tr><td>Koste</td><td>R0,00</td><td>R7,50</td><td>R15,00</td><td>R22,50</td><td>R30,00</td><td></td><td>R375,00</td></tr></table> Die koste vermeerder teen 'n konstante koers van R7,50 vir elke liter petrol aangekoop. - Verwantskappe waar daar 'n <u>omgekeerde eweredigheid</u> is tussen die terme in die verwantskap. bv. Die tabel hieronder wys hoeveel elke onderwyser, wat deel is van 'n taxi-huur skema, moet betaal per maand vir die huur van die taxi afhange van die aantal mense wat deel is van die skema. <table><tr><td>Aantal onderwysers</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4 ...</td><td>12</td></tr><tr><td>Koste per Onderwyser</td><td>R2 200,00</td><td>R1 600,00</td><td>≈ R734,00</td><td>R550,00</td><td>≈ R184,00</td></tr></table> Daar is 'n omgekeerde eweredigheds verwantskap tussen die aantal onderwysers in die vervoer klub en die bedrag wat elke onderwyser sal betaal per maand, en die koste per onderwyser word bereken deur gebruik te maak van die metode: $\frac{R2\ 200\ 00}{\text{no. of teachers}}$					Liters	0	1	2	3	4	...	50	Koste	R0,00	R7,50	R15,00	R22,50	R30,00		R375,00	Aantal onderwysers	1	2	3	4 ...	12	Koste per Onderwyser	R2 200,00	R1 600,00	≈ R734,00	R550,00	≈ R184,00	10, 11 en 12
	Liters	0	1	2	3	4	...	50																										
	Koste	R0,00	R7,50	R15,00	R22,50	R30,00		R375,00																										
	Aantal onderwysers	1	2	3	4 ...	12																												
	Koste per Onderwyser	R2 200,00	R1 600,00	≈ R734,00	R550,00	≈ R184,00																												

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12																																	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks		Graad																																
Patrone en verwantskappe (vervolg)	- Verwantskappe waar daar 'n <u>konstante</u> verhouding is tussen die terme in die patroon. bv. Die tabel hieronder wys die bedrag geld in 'n vaste deposito rekening oor tyd. <table><tr><td>Maand</td><td>0</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td><td>...</td></tr><tr><td>Rekening balans</td><td>R2 000,00</td><td>R2 010,00</td><td>R2 020,05</td><td>R2 030,15</td><td>R2 040,30</td><td>...</td></tr></table> Die bedrag vermeerder teen 'n koers van 0,5% uit die balans in die rekening gedurende die vorige maand en kan bereken word deur die volgende metode: Hudige maand se balans = vorige maand se balans + 0,5% × vorige maand se balans. - Verwantskappe wat 'n <u>kombinasie</u> van die <u>boonste</u> insluit bv. 'n Spesifieke selfoon kontrak sluit 100 gratis minute in en 'n oproep kos R1,50 per minuut. Die tabel hieronder wys die verwantskap tussen die maandelikse koste van hierdie kontrak en die hoeveelheid tyd spandeer aan oproepe gedurende die maand. <table><tr><td>Geselstyd (min)</td><td>0</td><td>20</td><td>40</td><td>60</td><td>80</td><td>100</td><td>101</td><td>102</td></tr><tr><td>Maandelikse koste</td><td>R100,00</td><td>R100,00</td><td>R100,00</td><td>R100,00</td><td>R100,00</td><td>R100,00</td><td>R101,50</td><td>R103,00</td></tr></table> Vir die eerste 100 minute is daar 'n vaste verwantskap tussen die maandelikse koste en die geselstyd. Na 100 minute, is daar 'n konstante verhouding verskil, met 'n styging in koste van R1,50 vir elke minuut van geselstyd. - Verwantskappe waarvoor daar geen duidelike patroon, of waar daar geen formule beskikbaar is nie, of wat ontwikkel uit die navorsing van die konteks. bv. 'n Grafiek wys die effek wat verandering in die rente koers sal hê op die uitaande balans van 'n lening.			Maand	0	1	2	3	4	...	Rekening balans	R2 000,00	R2 010,00	R2 020,05	R2 030,15	R2 040,30	...	Geselstyd (min)	0	20	40	60	80	100	101	102	Maandelikse koste	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R101,50	R103,00
	Maand	0	1	2	3	4	...																												
	Rekening balans	R2 000,00	R2 010,00	R2 020,05	R2 030,15	R2 040,30	...																												
	Geselstyd (min)	0	20	40	60	80	100	101	102																										
	Maandelikse koste	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R100,00	R101,50	R103,00																										

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12												
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad												
Patrone en verwantskappe (vervolg)	Tydens die bewerkings met verwantskappe soos beskryf hierbo: - Beskryf die eienskappe van patrone en/of verwantskappe in woorde wat insluit: - onafhanklike en afhanklike veranderlikes - diskrete en/of kontinue veranderlikes - stigende en/of dalende verwantskappe - kritiese waardes insluitende maksimum, minimum en nul waardes. - bv. <i>Beskou 'n selfoon kontrak waar die koste vir geselstyd op die foon R1,50 per minuut is. In hierdie scenario, is die koste <u>afhanklik van die hoeveelheid geselstyd wat spandeer is op die selfoon</u>; asook, die verwantskap tussen die koste en die geselstyd is in 'n <u>stigende verwantskap</u>, met die koste wat styg teen 'n vaste koers van R1,50 per minuut</i> - Gebruik 'n verskeidenheid van tegnieke om vermiste en/of addisionele terme in 'n patroon te bepaal, insluitende: - die verwantskap tussen opeenvolgende terme - die verwantskap tussen die terme se posisie in die patroon en sy waarde - die formule wat verskaf is vir berekenings. - bv. <i>Beskou die tabel hieronder, wat die koste om 'n kar met petrol te vul, aandui.</i> <i>Daar is twee maniere om die patroon van die waardes in die tabel te bepaal:</i> <table><tr><td>Liters</td><td>0</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td></tr><tr><td>Koste</td><td>R0,00</td><td>R7,50</td><td>R15,00</td><td></td><td></td></tr></table> - Die verskil tussen die opeenvolgende koste waardes is R7,50. So, om die koste te bereken om 3 liter petrol te koop kan jy R7,50 bytel by die koste van 2 liters (dit is, R15,00), 3 liter sal dan R15,00 + R7,50 = R22,50 kos - Die verwantskap tussen liter petrol en die koste is R7,50 vir elke liter petrol. Met ander woorde die koste om 'n kar te vul, met 3 liter petrol, is $R7,50/l \times 3 l = R22,50$ 3 l = R22,50 - Beskryf en/of stel die patrone van konstante, konstante verskil en omgekeerde eweredigheid verwantskappe voor deur gebruik te maak van: - woorde, gesprek en geskryf - formule wat insluit wiskundige werkings en ander veranderlikes van woorde.	Liters	0	1	2	3	4	Koste	R0,00	R7,50	R15,00			10, 11 en 12
Liters	0	1	2	3	4									
Koste	R0,00	R7,50	R15,00											

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings			Graad 10, 11 en 12											
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks			Graad										
Patrone en verwantskappe (vervolg)	Konstrueer patrone van beskrywings in woorde (instruksies) en/of formules en stel hierdie patrone voor in 'n tabel of prent. bv. 'n Kwotasie vermeld dat die koste om 'n fotostaat masjien te huur R1 500,00 per maand is met 'n addisionele koste van R0,50 per fotostaat. Die volgende tabel kan gekonstrueer word om die verwantskap tussen die aantal fotostate en die koste aan te dui:	<table><tr><td>Bladsye gekopieër</td><td>0</td><td>10</td><td>20</td><td>...</td></tr><tr><td>Totale maandelikse koste</td><td>R1 500,00</td><td>R1 505,00</td><td>R1 510,00</td><td>...</td></tr></table>	Bladsye gekopieër	0	10	20	...	Totale maandelikse koste	R1 500,00	R1 505,00	R1 510,00	...		10, 11 en 12
	Bladsye gekopieër	0	10	20	...									
	Totale maandelikse koste	R1 500,00	R1 505,00	R1 510,00	...									
Identifiseer en brei getalpatrone uit wat ontstaan uit 'n formule. bv. Die volgende formule kan gebruik word om die tempo te bepaal waarmee medisyne uit 'n drup vloei: Drip tempo = [totale volume van die drip (ml) ÷ totale tyd wat die drip toegedien is (min)] × drip faktor Ons kan die formule gebruik om die volgende tabel saam te stel wat sal wys hoe die drip tempo vir 'n 4 liter drip met 'n drip faktor van gtt/ml sal verander oor tyd:														
<table><tr><td>Tyds toediening (min)</td><td>30</td><td>60</td><td>90</td><td>...</td></tr><tr><td>Drip tempo (gtt/min)</td><td>2 000</td><td>1 000</td><td>≈ 666,7</td><td>...</td></tr></table> Analiserings van die waardes in die tabel sal wys dat die verwantskap tussen die drip tempo, volume van die drip en drip tyd is in 'n <u>omgekeerde eweredigheid</u> verhouding.	Tyds toediening (min)	30	60	90	...	Drip tempo (gtt/min)	2 000	1 000	≈ 666,7	...				
Tyds toediening (min)	30	60	90	...										
Drip tempo (gtt/min)	2 000	1 000	≈ 666,7	...										
	<u>Om te:</u> Verstaan van situasies insluitende: - Finansies (bv. tarief stelsels; groei/afname van beleggings en lenings; veranderings in die inflasie koers) - Meting (bv. temperatuur herleidings; gebruik van die formule in omtrek, oppervlakte en volume berekenings) - Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld (bv gebruik formules en grafieke om die reiskoste van 'n uitstap te bepaal) - Datahantering (bv. Interpretasie van informasie in tabelle en grafieke) - Enige ander situasies waarin patrone, verwantskappe en voorstellings gebruik kan word om probleme op te los wat verband hou met die konteks Onderwerpe van Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid.			10, 11 en 12										

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Voorstellings van verwantskappe in tabelle, vergelykings en grafieke	Verstaan die volgende wat betrekking het op die verwantskappe hierbo beskryf: • tabelle, formules en grafieke kan gebruik word om verskillende voorstellings van dieselfde verwantskap te verskaf * • hoe om te beweeg tussen voorstellings van verwantskappe, insluitende: - voltooiing van waardes in 'n tabel deur aflees van waardes in 'n grafiek - stipping van 'n grafiek vanaf die waardes in 'n tabel - gebruik van 'n gegewe formule en/of beskrywing van 'n verwantskap om 'n tabel met waardes op te stel - pas formules/vergelykings by grafieke en/of tabelle vanaf waarde van die verwantskappe gebaseer op eienskappe en/of neigings. Tydens die bewerkings met verwantskappe (soos beskryf hierbo) wat verteenwoordig word in tabelle, vergelykings en grafieke: • identifiseer en onderskei tussen: - die afhanklike en onafhanklike veranderlikes - diskrete en/of kontinue veranderlikes • identifiseer: - afhanklike veranderlike waardes vir gegewe onafhanklike veranderlike waardes - onafhanklike veranderlike waardes vir gegewe afhanklike veranderlike waardes • identifiseer onafhanklike veranderlike waardes geassosieer met die kritieke punte van die afhanklike veranderlike insluitende: - nul waardes - maksimum/minimum waardes • bepaal die formules en/of vergelykings wat verwantskappe beskryf wat in tabelle en/of grafieke voorkom vir: - konstante (vaste) verwantskappe - lineêr verwantskappe - inverse eweredigheid verwantskappe. Met die spesifieke bewerking van vergelykings van verwantskappe: • substitusie (dit is, bepaal die waarde van die afhanklike veranderlike vir gegewe waarde(s) van die onafhanklike veranderlike) • oplossing (dit is, bepaal die waarde van die onafhanklike veranderlike vir gegewe waarde(s) van die afhanklike veranderlike), deur gebruik te maak van: - probeerslae en vorderings - eenvoudige algebraïese manipulasie (<i>vervolg</i>)	10, 11 en 12

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad
Voorstellings van verwantskappe in tabelle, vergelykings en grafieke (vervolg)	Tydens die spesifieke werking met grafieke of verwantskappe: - teken grafieke van een (Graad 10), twee (Graad 11) of meer (Graad 12) verwantskappe op dieselfde assestelsel deur: - stipping van punte vanaf 'n gegewe tabel se waardes of van 'n tabel se waardes wat saamgestel is van gegewe gekonstrueerde vergelykings - Konstrueer asse met 'n geskikte skaal wat gekies word vir beide die vertikale en horisontale asse - Benoem die vertikale en horisontale asse en die grafiek toepaslik - interpreteer grafieke met inagneming van die volgende: - identifiseer afhanklike veranderlike waardes vir gegewe onafhanklike veranderlike waardes - identifiseer onafhanklike veranderlike waardes vir gegewe afhanklike veranderlike waardes - identifiseer onafhanklike veranderlike waardes vir intervalle waar die afhanklike veranderlike waardes vermeerder en/of verminder <i>bv. In 'n grafiek wat die verandering in prys van brood gedurende die verloop van 'n jaar aandui, tussen watter maande het die prys van brood gestyg?</i> - Verduidelik die belangrikheid van die vorm van die grafiek in verhouding tot die veranderlikes en scenarios wat verteenwoordig word in die grafiek. <i>bv. Beskou 'n reguitlyn grafiek wat die koste aandui van 'n kar wat gevul word met petrol R7,50 is per liter. Die grafiek is 'n reguitlyn want vir elke 1 liter wat jy ingooi, verhoog die koste met 'n vaste bedrag van R7,50</i>	10, 11 en 12
	identifiseer die onafhanklike veranderlike waardes waarvoor twee verwantskappe dieselfde afhanklike veranderlike waarde het <i>bv. In grafieke wat 'n vergelyking tref tussen die bedrag geld in 'n belegging oor tyd, as enkelvoudige sowel as saamgestelde rente bereken is op die belegging, hoe lank sal dit die geld neem tydens elke belegging om te vermeerder tot R5 000,00?</i>	11 en 12
	Kies en ontwikkel die mees effektiewe voorstelling (insluitende tabelle, grafieke en/of vergelykings) om 'n probleem op te los.* <i>bv. Om die maandelikse koste van foonoprope op twee verskillende selfoon kontrakte te vergelyk, kan tabelle van die koste waardes opgetrek word vir elkeen van die selfoon kontrakte en dan kan die informasie vanaf die tabelle op grafieke voorgestel word. Die analiserings van hierdie grafieke sal dit moontlik maak om te besluit watter kontrak die beter opsie is vir 'n sekere aantal minute vir geselsyd gedurende die maand.</i>	11 en 12
	<u>Om te:</u> Sin maak van situasies betreffende die volgende: - Finansies (bv. tarief stelsels; groei/afname van beleggings en lenings; veranderings in die inflasie koers) - Meting (bv. . . temperatuur herleidings; gebruik van die formule in omtrek, oppervlakte en volume berekenings) - Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld (bv gebruik formules en grafieke om die reiskoste van 'n uitstappie te bepaal) - Datahantering (bv. Interpretering van informasie in tabelle en grafieke) - Enige ander situasies waarin patrone, verwantskappe en voorstellings gebruik kan word om probleme op te los wat verband hou met die konteks Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid.</i>	10, 11 en 12

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad	
	Addisionele opmerkings: * Dit is baie belangrik vir leerlinge om te verstaan dat tabelle, grafieke en vergelykings kan almal dieselfde verwantskap beskryf, maar op verskillende maniere. Leerlinge moet die vermoë ontwikkel om buigbaar tussen hierdie verskillende voorstellings te beweeg. * In Graad 10 sal leerlinge opdrag gegee word waar hul die mees aanvaarbare voorstelling van 'n verwantskap moet gebruik om 'n probleem op te los. In Graad 11 en 12, egter, word van leerlinge verwag om self te besluit watter voorstelling vir 'n gegewe scenario die beste sal wees vir die konstruksie, interpretering en analisering van die voorstelling.		
A	Moontlike Assessering: <u>Ondersoek:</u> <i>Identifiseer en stel die verwantskap van 'n alledaagse lewe voor:</i> - Kies 'n scenario in die daaglikse lewe wat verband hou met vaste, lineêre of inverse eweredigheid verwantskap - Teken 'n grafiek om dit voor te stel - Stel 'n vergelyking saam wat die verwantskap voorstel - Lê jou bevindings aan die klas voor. OF <u>Taak:</u> <i>Stel elektrisiteits koste grafies voor:</i> - Vind uit oor al die verskillende kostes van elektrisiteit by die munisipaliteit waar jou huis geleë is - Teken 'n grafiek om die maandelikse koste van elektrisiteit voor te stel wat afhanklik is van die eenhede van die elektrisiteit wat gebruik is gedurende die maand	10	
A	Moontlike Assessering: <u>Taak:</u> <i>Stel selfoon kostes grafies voor:</i> - Kies 'n advertensie van 'n selfoon kontrak wat 'n maandelikse inteken fooi, gratis lugtyd of gratis minute insluit, asook 'n vaste tarief per minuut of sekonde (bv. R1,50 per minuut) - Stel die koste wat betrekking het op die maak van foonoproepe, van hierdie kontrak, op 'n geskikte grafiek voor.	11	

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad	
Werk met twee of meer verwantskappe*	In situasies wat betrekking het op die voorstelling van twee (Graad 11) of meer verwantskappe (Graad 12) (soos hierbo beskryf) op dieselfde assestelsel: - identifiseer die waardes van die afhanklike en onafhanklike veranderlikes waarvan twee of meer verwantskappe gelyk is (bv. <i>Die snypunte van die grafieke</i>) en verduidelik die betekenis van hierdie waardes in verhouding tot die konteks waarin die probleem voorkom. bv. <i>Twee grafieke word geteken om die totale maandelikse koste van twee verskillende selfoon kontrakte aan te dui wat afhanklik is van 'n maandelikse intekenfooi en die aantal geselsyd in minute gebruik gedurende die maand. Die punt waar die grafieke sny, verteenwoordig die aantal minute wat jy kan gesels op elkeen van die kontrakte waar die maandelikse koste dieselfde is.</i> <u>Om te kan:</u> Finansiële en ander probleme op te los, insluitende: - vergelyk verskillende tarief stelsels* - bepaling van die gelykbreek-punte se waardes vir 'n besigheid* - vergelyk verskillende bank opsies* - enige ander situasie waarin twee of meer verwantskappe vergelyk kan word en gebruik kan word op probleme op te los verwant aan die konteks wat insluit die Onderwerpe van <i>Finansies, Meting, Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld, Datahantering en Waarskynlikheid.</i>	11 en 12	
Addisionele opmerkings: * In Graad 11 moet leerlinge kan werk met <u>twee</u> verwantskappe in 'n voorstelling (tabel en/of grafiek) en vergelykings tref tussen die verwantskappe. In Graad 12 moet leerlinge werk met <u>twee of meer</u> verwantskappe in 'n voorstelling (tabel en/of grafiek) en vergelykings tref tussen die verwantskappe. * Van leerlinge word nie verwag om die waardes te bepaal waar twee of meer verwantskappe gelyk is d.m.v. algebraïese bewerkings nie (dit is, oplos van gelyktydige vergelykings). Hul moet eerder aflees, en waar nodig, die waardes van die afhanklike en onafhanklike veranderlikes skat waarin verwantskappe gelyk is vanaf die grafieke en/of waardes wat in die tabelle voorkom, deur probeerslae en verbeterings, en substitusie deur gebruik te maak van die vergelykings. # Verwys na die Afdelings van <i>Tarief stelsels, Gelykbreek-punt en Bankwese, beleggings en lenings in die Onderwerp Finansies</i> vir meer spesifieke detail aangaande die konteks waarin van leerlinge verwag word om vergelykings te tref tussen twee of meer verwantskappe.			

Onderwerp: Patrone, verwantskappe en voorstellings		Graad 10, 11 en 12	
Afdeling	Inhoud/vaardighede wat ontwikkel moet word in toepaslike konteks	Graad	
- Onderwysers kan besluit op 'n geskikte gewig van die onderwerpe bepaal vir die eksamen, moontlik soos bepaal deur die hoeveelheid van die inhoud wat ingesluit is in 'n onderwerp van afdeling en die hoeveelheid tyd wat geneem word om die Onderwerp van 'n afdeling te onderrig. Die tabel hieronder wys 'n voorbeeld van 'n moontlike gewigs toekenning van die Onderwerpe vir 'n *Graad 10* half-jaar eksamen (in beide Vraestel 1 en Vraestel 2).

Tabel 8: Voorbeeld of gewigs toekenning per Onderwerp die half-jaar eksamens

Kwartaal	Onderwerp / Afdeling	Weke toegedien in voorgestelde werkskediule (op bladsy 14 hierbo)	Gewig toekenning (% van beide Vraestel 1 & Vraestel 2)
1	Getalle en berekeninge met Getalle	5	10%
	Patrone verwantskappe en voorstellings	3	10%
	Konteks gefokus op Meting (Herleidings en Tyd)	1	10%
2	Konteks gefokus op Meting (meting van lengte/ afstand, massa, volume en temperature)	2	15%
	Konteks gefokus op Finansies (Finansiële dokumente en Tarief stelsels)	2	20%
	Konteks gefokus op Kaarte, planne en ander voorstellings in die fisiese wêreld (Skaal en Kaarte)	2	20%
	Konteks gefokus op Waarskynlikheid	2	15%

4.5 Rekordering en rapportering

Rekordering is 'n proses waarin die onderwyser 'n bewys lewer van die vlak van die leerling se prestasie in 'n spesifieke assessering taak. Dit dui die leerling se vordering van die bereiking van kennis aan soos voorgeskryf in die *KURRIKULUM en Assessering Beleid Dokument*. Rekordering van leerlinge se prestasie moet getuieis verskaf van die leerling se vordering in die begrip binne 'n Graad en sy / haar gereedheid op vordering of om bevorder te word na die volgende Graad. Rekordering van leerlinge se prestasies moet altyd gebruik word as bewys van die vordering wat gedoen is deur onderwysers en leerlinge in die onderrig en leerproses.

Rapportering is 'n proses van kommunisering van leerlinge se prestasies aan leerlinge, ouers, skole, en ander belanghebbendes. Leerling prestasie kan gerapporteer word in 'n verskeie aantal maniere wat insluit rapporte, ouer vergaderings, skool ope dae, ouer-onderwyser vergaderings, telefoon oproepe, briewe, klas of skool briewe, ens. Onderwysers in alle grade rapporteer persentasies teenoor die vak. Sewe vlakke van bevoegdhede is voorgeskryf vir elke vak vir Graad R - 12. Die verskeie prestasie vlakke en hul ooreenstemmende persentasie afdelings verskyn in die tabel hieronder.

KODES EN PERSENTASIES VIR REKORDERING EN RAPPORTERING

SKAAL KODE	BESKRYWING VAN BEVOEGDHEID	PERSENTASIE
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100%
6	Verdienselike prestasie	70 – 79%
5	Beduidende prestasie	60 – 69%
4	Voldoende prestasie	50 – 59%
3	Matige prestasie	40 – 49%
2	Basiese prestasie	30 – 39%
1	Ontoereikende Prestasie	0 – 29%

Aantekening: Die sewe punt skaal verklaar die beskrywings van die gedetailleerde inligting vir elke vlak.

Onderwysers sal die werklike punte moet rekordeer teenoor die taak deur gebruik te maak van die rekorderings bladsy, en rapport persentasies teenoor die vak op die leerling se rapport.

4.6 Moderering van assessering

Moderering verwys na die proses wat verseker dat Assesserings take regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering moet geïmplementeer word deur die skool, streeks, provinsiale en nasionale vlakke. Omvattende en geskikte modererings praktyke moet in plek wees vir die kwaliteit versekering van alle vak assesserings.

In Wiskundige Geletterdheid:

- Graad 10 en 11 se take word intern gemodereer. Die vak adviseur modereer 'n steekproef van hierdie take gedurende skool besoeke om die standaard van die interne moderering te verifieer.
- Graad 12 take word gemodereer deur die provinsiale vak adviseur. Hierdie proses sal bestuur word deur die provinsiale onderwys departement.

4.7 Bylae

BYLAAG 1

BESKRYWING VAN DIE VLAKKE IN DIE WISKUNDIGE GELETTERDHEID ASSESSERING SISTEMATIEK

Kompleksiteit in Wiskundige Geletterdheid is gestruktureerd rondom die volgende Assessering sistematieke raamwerk:

- Vlak 1: Kennis
- Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks
- Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid kontekste
- Vlak 4: Beredenering en oorweging.

Dit is belangrik om te herken dat hierdie sistematiek nie net ekslusief verbind word met verskillende vlakke van *wiskundige* berekenings en/of kompleksiteit nie. In die bepaling van die vlak van kompleksiteit en kongnitiewe eise van 'n taak, moet oorweging ook gegee word aan die omvang waarin 'n taak die gebruik van geïntegreerde inhoud en vaardighede intrek van verskillende onderwerpe, die kompleksiteit van die konteks waarin die probleme gestel is, die invloed van nie-wiskundige oorweging van die probleem, en die omvang dat die leerling die probleem sonder leiding of bystand moet doen.

Vlak 1: Kennis

Vlak 1: Kennis vrae bedien twee funksies:

- Om leerlinge bekend te stel aan die konteks waarin probleme opgestel is deur vrae te vra omtrent die konteks;
- Om die vermoë te toets om kontekstuele inligting te interpreteer, om bekende tegnieke uit te voer soos basiese berekenings en om algemene terme te verduidelik.

Voorbeelde van die tipe take op die *kennis* vlak van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek sluit in:

- aflees van inligting direk vanaf 'n tabel (bv. *die datum op 'n bankstaat; die tyd wat 'n bus die bus-terminaal verlaat*);
- uitvoering van basiese bewerkings van getalle (bv. *Aftrek van inkomste en uitgawe waardes om die wins/verlies vir 'n besigheid te bepaal; optel van waardes om te wys hoe die "Bedrag betaalbaar" waarde op 'n elektrisiteit rekening bepaal word*);
- akkurate meting (bv. meet die afmetings van 'n kamer op 'n gegewe plan akkuraat deur 'n liniaal te gebruik).
- Afronding van antwoorde volgens vereistes van instruksie (bv. *Rond 'n antwoord af tot een desimale plek wanneer dit so vereis word*);
- Identifisering van die geskikte formule wat gebruik moet word in 'n gegewe berekening (bv. *identifiseer die formule vir die oppervlakte van 'n sirkel as: $\text{oppervlakte} = \pi \times \text{radius}^2$ vanaf gegewe lys van oppervlakte formules*);

- Herkenning en verduideliking van die geskikte bewoording van 'n spesifieke scenario (bv. *“diskrete” en “kontinue” in die konteks van data; “gebeurtenis” en “uitkoms” in die konteks van Waarskynlikheid; “afhanklike” en “onafhanklike” veranderlikes; “debiet” en “krediet” in die konteks van Finansies*);
- Aflees van waardes direk vanaf die waardes wat in 'n grafiek of tabel gegee is (bv. *Lees die koste van 'n oproep van 60 minute af op 'n selfoon kontrak vanaf die grafiek wat die koste en oproep tyd aandui*);
- Uitvoering van herleidings in die metrieke stelsel (bv. *van mm na cm na m na km; vanaf ml na l; van g tot kg; van sekondes na minute na ure*).

Voorbeeld:

In die **Verantwoordelike gebruik van paracetamol** taak in **BYLAAG 2** hieronder, is *Vrae 1.1, 2.1.1, 3.1.1, 1.2 en 1.3* op die kennis vlak van die sistematiek.

- Vrae 1.1, 2.1.1 en 3.1.1 vereis dat die leerling die gegewe inligting moet interpreteer en inligting direk aflees vanaf die tabelle in die teks. Nie een van die vrae vereis 'n berekening nie. Die oogmerk van hierdie vrae is om die leerlinge te forseer om inligting af te lees vanaf gegewe tabelle en, hopelik, om hul te help om meer bekend en vertrouwd te wees met die konteks.
- Vrae 1.2 en 1.3 beide vereis 'n basiese berekening.
 - Vraag 1.2 vereis dat die leerling die verwantskap tussen liggaams gewig en toediening(dosis) van paracetamol bepaal vanuit die inligting gegee aan die begin van die taak en om hierdie verwantskap te gebruik om die dosis vir kinders met 'n gegewe gewig te bepaal. Die taak vereis die gebruik van basiese berekening (vermenigvuldiging) terwyl al die inligting gegee is.
 - Vraag 1.3 vereis dat die leerling dieselfde inligting en bewerkings gebruik soos in Vraag 2 om 'n tabel van waardes te voltooi.

Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks

Take uit die *toepassing van roetine prosedures in bekende konteks* vlak van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek vereis dat leerlinge baie bekende prosedures kan uitvoer en algemene take in bekende konteks kan voltooi. Leerlinge weet watter prosedure/taak vereis word uit die manier waarop die probleem saamgestel is en al die nodige inligting dadelik beskikbaar is aan die leerling om die probleem op te los. Roetine prosedure vrae sluit oor die algemeen enkel-stap berekenings in, herhaling van dieselfde berekening oor en oor, of die voltooiing van 'n taak waarmee leerlinge bekend is (bv. *Trek 'n inkomste-en-uitgawe staat op van die individu se Finansies*).

Voorbeelde van *roetine prosedures* take sluit in:

- substitusie waardes in gegewe vergelykings (bv. *Bepaal die bank kostes vir deponering van geld in 'n rekening deur gebruik te maak van 'n gegewe formule*);
- oplos van vergelykings deur middel van toets en verbetering van algebraïese prosesse;
- teken van grafieke vanaf gegewe tabelle of waardes (bv. *Teken 'n grafiek wat die koste van 'n oproep op 'n selfoon kontrak oor tyd aandui, vanaf 'n gegewe tabel van tyd en koste waardes*);
- optrek van 'n begroting vir 'n klein huishoudelike projek;
- gebruik belasting aftrekkings tabelle om die bedrag wat vir belasting afgtrek moet word te bepaal van 'n werker se salaris strokie ;
- meet van die afmetings van die vloer van 'n kamer en gebruik die afmetings om te bepaal hoeveel lopende meter mat gekoop moet word om die vloer te bedek.;
- berekening van die gemiddeld, mediaan en/of modale gemiddeld van 'n stel data;

- persentasie toename van 'n afname van 'n bedrag (bv. *bepaal hoeveel 'n persoon sal betaal vir 'n televisie stel as 'n 5% afslag gegee word*);
- benadering van waardes vanaf die waardes op 'n grafiek of tabel (bv. *Op 'n grafiek waar die populasie statistieke in miljoene vir die verskillende provinsies in Suid Afrika aangedui word, bepaal die populasie van KwaZulu-Natal*);
- herleiding van maat eenhede tussen verskillende stelsels van meting deur gegewe herleidings tabelle en/of fakore te gebruik (bv. *Gebruik die bak herleidings tabel om g te herlei na ml vir die bak van 'n koek*);
- gebruik van 'n gegewe skaal om die werklike lengte van 'n afstand te bepaal (bv. *Gebruik 'n skaal van 1:100 op 'n plan om die werklike lengte en breedte te bepaal van die mure van die kamer*).

In die **Verantwoordelike gebruik van paracetamol** taak in **BYLAAG 2** hieronder, Vrae 1.4 en 1.5 is op die *toepassings van roetine prosedures in bekende konteks* vlak van die sistematiek.

- Vraag 1.4 vereis van die leerling om die verwantskap tussen inset en uitset waardes in 'n tabel of data te beskryf deur middel van 'n vergelyking. Aangesien die verwantskap lineêr is en leerlinge vanaf Graad 9 opwaarts bekend is met hierdie verwantskap, sal die taak een wat die toepassings of roetine prosedures vereis.
- Vraag 1.5 vereis van die leerling om 'n grafiek te teken van 'n lineêre funksie gebaseer op die waardes in 'n tabel en/of 'n vergelyking. Die kennis en vaardighede wat vereis word om die grafiek te trek is alreeds ontwikkel in Graad 8 en 9 en aangeleer in Graad 10 opwaarts in Wiskundige Geletterdheid, en daarvoor word dit gesien as die toepassing van 'n roetine prosedure.
- Aangesien dit van leerlinge verwag word om met 'n groot aantal konteks te moet deel waarin die verwantskap tussen die veranderlikes lineêr is, is dit net regverdig om voor te stel dat die aard van die konteks bekend is, selfs al het die leerling nog nie uitdruklik met medisyne as konteks voorheen mee te doen gekry nie.
- Neem kennis dat in Vrae 1.4 en 1.5, die aantal stappe in elke berekening beperk is tot een of twee, of 'n herhaling van dieselfde berekening oor en oor. Neem ook kennis dat dit duidelik is wat verwag word om die vrae te voltooi deur die manier waarop die vrae saamgestel is.

Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks

Take uit die *toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks* vlak van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek, verwag van leerlinge om probleme op te los en take te voltooi deur gebruik te maak van bekende prosedures en metodes, maar waar die prosedure of metode nie dadelik duidelik is van die manier waarop die probleem saamgestel is nie. Dus sal leerlinge moet besluit op die mees geskikte prosedure of metode om die oplossing op 'n vraag te vind of om 'n taak te voltooi, en hul moet dalk een of meer voorafgaande berekenings uitvoer of een of meer voorafgaande take voltooi voordat die oplossing bepaal kan word.

Situasies waarin 'n verskeidenheid van wiskundige en nie-wiskundige inhoud, vaardighede en/of oorwegings aangewend moet word uit verskillende Onderwerpe in die KURRIKULUM om sodoende sin te maak uit die probleme, is ook by die *meervoudige-stap prosedures* vlak van die sistematiek.

Take van die *meervoudige-stap prosedures* vlak bevat baie minder riglyne as die take van die *roetine prosedures vlak* en vereis dat leerlinge 'n besluit moet neem aangaande die geskikte inhoud, metodes en nie-wiskundige oorwegings wat nodig is om probleme op te los en take te voltooi.

Voorbeelde van *meervoudige-stap prosedures* take sluit in:

- besluitneming op die mees geskikte grafiek en 'n geskikte middel van konstruksie om die grafiek voor te stel vir 'n spesifieke scenario (bv. *Konstrueer 'n tabel met waardes om die tarief struktuur vir 'n spesifieke elektrisiteit stelsel voor te stel en dan die waardes van die tabel te gebruik om 'n grafiek te teken wat die tarief struktuur voorstel*);
- bepaling van die mees geskikte skaal om 'n plan op te teken, bepaling van afmetings volgens skaal, en teken dan die plan volgens daardie skaal se afmetings;
- bepaling van die hoeveelheid verf wat nodig is om mure van 'n gebou te verf deur die bepaling van die buite- oppervlakte van die mure van 'n gebou, deur gebruik te maak van 'n herleidings koers om die buite-oppervlakte waarde te herlei van m^2 na liters. Rond die liters waarde af tot die naaste volgende vol liter en maak dan 'n beslissing omtrent die mees geskikte hoeveelheid verf wat gekoop moet word gebaseer op die beskikbaarheid van die blik groottes;
- gebruik van kaarte, 'n afstands tabel, weerberig inligting en ander reis hulpbronne om 'n reis te beplan, neem in ag waar om te stop vir petrol, benader reis afstand en tyd, en benader reis kostes;
- ondersoek van die kostes vir 'n vonds-insamelings projek en stel 'n begroting op vir die projek;
- gebruik van gegewe inflasie koers om die beraamde waarde van 'n item te ondersoek oor 'n tydperk. (Bv. *As 'n motor huidige R90 000 werd is, wat sal die motor werd wees in twee jaar se tyd as die waarde van die motor afneem met ongeveer 15% in die eerste jaar en 10% in die tweede jaar?*)

In die **Verantwoordelike gebruik van paracetamol** taak in **BYLAAG 2** hieronder, is **Vrae 2.1.2 en 3.2** by die *toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n veskeidenheid van kontekste* vlak van die sistematiek.

- Vraag 2.1.2 vereis dat die leerling eers moet bepaal hoeveel mg paracetamol is veilig vir 'n spesifiek kind en dan die afmetings van die medisyne wat vir daardie kind gegee kan word. Dit is 'n meervoudige-stap prosedure en, alhoewel nie kompleks, is die prosedure nie duidelik uit die manier waarop die vraag saamgestel is nie.
- Vraag 3.2 vereis dat leerlinge eerstens moet kies tussen twee grafieke — een vir seuns en een vir meisies — en tweedens om die geskikte lyn op elke grafiek te kies om die vraag te beantwoord. In hierdie sin, is die prosedure 'n meervoudige-stap uiteraard. Terwyl die leerling nog nie hierdie eksakte grafiek voorheen gesien het nie, word daar verwag dat 'n leerling in Graad 12 bevoeg genoeg sal wees en genoeg ondervinding op gedoen sal hê met grafieke om die inligting wat in hierdie grafiek voorgestel word te verstaan.
- Neem kennis dat in beide Vrae 2.1.2 en 3.2 is dit nie dadelik duidelik watter berekenings moet gedoen word om die vrae te beantwoord nie a.g.v. die manier waarop die vrae saamgestel is nie. Neem ook kennis dat meer as een stap nodig is vir hierdie vrae.

Vlak 4: Beredenering en oorweging

Take uit die *beredenering en oorweging* vlak van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek kan verdeel word in twee groepe of ,

- Vrae wat 'n besluitneming opinie of voorspelling vereis omtrent 'n spesifieke scenario gebaseer op die berekenings in 'n vorige vraag of gegewe inligting (bv. *analiseer berekenings uitgevoer in 'n vorige vraag op twee verskillende elektrisiteits koste opsies en neem 'n besluit omtrent die mees geskikste opsie vir 'n persoon met spesifieke behoeftes; of kritiseer 'n uitlating omtrent misdaad statistieke wat verskyn het in 'n koerant berig; of maak 'n voorspelling omtrent die geprojekteerde inkomste vir 'n besigheid gebaseer op huidige Finansiële data*).

Voorbeelde van hierdie tipes van *beredenering en oorweging* vrae sluit in:

- vergelyking van voorsiende data op die prestasie van twee groepe leerlinge in 'n eksamen en verduidelik watter groep die beste presteer het gebaseer op die beskikbare data;
- verskaf 'n opinie hoe 'n spesifieke regerings minister mag reageer op 'n spesifieke stel statistiek;
- analiseer 'n voltooide inkomste-en-uitgawe staat vir 'n huishouding en maak voorstelle aan die lede van die huishouding oor hoe 'n verandering in hul uitgawes hul finansiële posisie kan verander.
- Vrae wat van leerlinge vereis om vrae op te lewer en te beantwoord omtrent watter wiskunde benodig is om probleme op te los, om wiskundige inhoud te selekteer en te gebruik, die beperkings te herken om wiskunde te gebruik om probleem op te los, en ander nie-wiskundige tegnieke en faktore te oorweeg wat 'n oplossing op 'n probleem bepaal. (Bv. *Wanneer 'n advertensie verskaf word vir twee verskillende selfoon kontrakte, moet leerlinge besluit watter metode sal die mees geskikste wees om kostes te vergelyk van die twee kontrakte.* Hulle mag besluit om tabelle met waardes op te trek, grafieke te teken, of vergelykings te gebruik. Nadat 'n geskikte model gekies is, moet hul die nodige berekenings uitvoer en dan sin maak uit hierdie berekenings om sodoende 'n besluit te neem betreffende die mees bekostigbare kontrak vir 'n individu se spesifieke behoeftes. Hul moet egter ook herken dat ongeag van die wiskundige oplossings van die probleem, die individu 'n selfoon mag kies gebaseer op persoonlike keuses, bv. *Kleur van selfoon model*).

Voorbeelde van hierdie tipes van *beredenering en oorweging* vrae sluit in:

- gebruik van berekenings om inkomste en uitgawes waardes vir 'n besigheid te vergelyk om sodoende te bepaal of die besigheid in 'n gesonde finansiële posisie is;
- vergelyking van bank kostes op twee verskillende tipes rekenings vir verskeie transaksies en besluitneming oor die mees geskikte rekening vir 'n individu met spesifieke behoeftes;
- optrek van 'n tabel om 'n lening scenario voor te stel, met inagneming van die rente wat bereken is op die lening, die maandelikse terugbetaling en die uitstaande balans van die lening elke maand;
- gebruik van die model van die lening scenario om die effek van veranderings in die rentekoers op die lening te ondersoek en die impak wat verhoging op die maandelikse terugbetaling sal hê op die werklike koste van die lening;
- ontwerp van twee verskillende tipes bokse vir verpakking van 'n item, vergelyk die bokse in terme van oorblywende spasie (volume) en materiaal (buite-oppervlakte), en neem 'n besluit omtrent watter boks die meeste koste effektief sal wees vir die verpakking van hierdie item.

In die **Verantwoordelike gebruik van paracetamol** taak in **BYLAAG 2** hieronder, is *Vrae 3.1.2 en 3.3* in die *beredenering en ooweging* vlak van die sistematiek.

- Vraag 3.1.2 vereis dat leerling gevolgtrekkings maak. Van leerlinge word verwag om uit dit wat hul geleer het van die veiligheids gebruik van paracetamol uit die vrae sover, afleidings of gevolgtrekkings te maak. Die antwoorde wat die leerling verskaf sal gemeet word aan die omvang van moontlike waardes en die kwaliteit van die antwoorde sal gebaseer wees op die beredenering wat hul gebruik het om die antwoord te bepaal.
- In Vraag 3.3 word van leerlinge verwag om die dosering wat aanbeveel word deur die vervaardiger te beoordeel. Eerstens moet die leerling gevolgtrekkings maak hoekom die vervaardiger hierdie aanbeveling gedoen het. Tweedens moet die leerling die besluit kritiseer. Met die kritisering van die aanbevole dosering deur die vervaardiger, moet die leerling nie net op die wiskundige inhoud klem lê nie, maar ook op sy eie ondervinding in die wêreld. Daarom is hierdie vraag op die hoogste vlak van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek.

BYLAAG 2**VOORBEELD VAN 'N ASSESSERING TAAK:****VERANTWOORDELIKE GEBRUIK VAN PARACETAMOL****ASSESSERING TAAK VOORBEELD: Verantwoordelijke gebruik van paracetamol****INLIGTING:**

Paracetamol is medisyne met pynstillende (pyn verdownings) eienskap.

Paracetamol is die aktiewe bestanddeel in die wel bekende medisyne Panado wat oor die toonbank gekoop kan word in supermarkte en apteke.

Paracetamol is egter ook betrokke by baie voorvalle van toevallige vergiftiging deur oordosering.

Paracetamol dosering is gebaseer op liggaams gewig. 'n Gesonde enkel dosering van paracetamol vir kinders word geskat op 10 mg per kilogram van die liggaams gewig, tot en met 4 dosisse per dag.

Vraag 1

1.1.

1.1.1. Volgens die inligting gegee hierbo, wat word beskou as 'n gesond dosis van paracetamol vir kinders? (1)

1.1.2. Hoeveel dosisse van paracetamol kan toegedien word per dag? (1)

[2]

1.2. Bereken hoeveel mg paracetamol elke van die volgende kinders kan inneem per dosis sodat dit nog veilig is.

1.2.1. Gabriella, weeg 12 kg (1)

1.2.2. Ricardo, weeg 20½ kg (1)

[2]

1.3. Kopieer en voltooi die tabel hieronder:

Gewig van pasient	6 kg	7 kg	8 kg	9 kg	15 kg	25 kg	35 kg
Veilige dosis van paracetamol in mg							

[4]

1.4. Skryf 'n vergelyking neer wat gebruik kan word om die hoeveelheid mg paracetamol te bepaal wat 'n veilige dosis is vir 'n kind van 'n gegewe gewig. [2]

1.5. Gebaseer op jou antwoorde in 1.2 en/of 1.3, teken 'n grafiek wat gebruik kan word om te bepaal hoeveel mg paracetamol 'n veilige dosis is vir 'n kind met 'n gegewe gewig. [3]

Vraag 2**VERDERE INLIGTING:**

Paracetamol word verkoop in supermarke en apteke in die volgende konsentre:

- Druppels vir kinders: 60 mg per druppel (0,6 ml)
- Stroop: 120 mg per medisyne maat (medisyne lepel) (5 ml)
- Tablette: 120 mg per tablet

2.1.

2.1.1. Watter konsentraat paracetamol word in die stroop gevind? [1]

2.1.2. Bepaal the volgende:

- a. Die aantal druppels vir kinders wat 'n veilige dosering is vir 'n kind wat 7 kg weeg. (2)
- b. Die aantal medisyne mate wat 'n veilige dosis van die stroop is van 'n kind wat 9½ kg weeg. (2)
- c. Die aantal tablette wat 'n veilig dosis is vir 'n kind wat 12,25 kg weeg. (2)

[6]

Vraag 3

VERDERE INLIGTING:

Die gebruiks aanwysings op die paracetamol stroop (120 mg/5 ml) verpakking stipuleer:

- 3–12 maande oud: 2,5 tot 5 ml per dosis
- 1–5 jaar oud: 5 tot 10 ml per dosis
- 6–12 jaar oud: 10 tot 20 ml per dosis
- 'n Maksimum van 4 dosisse per dag

3.1.

3.1.1. Wat is die maksimum dosering paracetamol wat gegee kan word aan 'n 7-jarige kind? (1)

3.1.2. Volgens hierdie aanwysings, watter gewig het die vervaardiger oorweeg vir 'n kind wat tussen 6–12 jaar oud is? (4)

[5]

3.2. Verwys na die CDC gewig-per-ouderdom persentiel grafieke op die volgende bladsy om die volgende vrae te beantwoord:

3.2.1. Volgens die grafiek, hoeveel weeg 'n 6 jarige meisie wie se gewig by die 25ste persentiel is? (1)

3.2.2. Volgens die grafiek, hoeveel weeg 'n 12 jarige meisie wie se gewig by die 75ste persentiel is? (1)

3.2.3. Volgens die grafiek, hoeveel weeg 'n 6 jarige seun wie se gewig by die 75ste persentiel is? (1)

3.2.4 Volgens die grafiek, hoeveel weeg 'n 12 jarige seun wie se gewig by die 25ste persentiel is? (1)



[4]

3.3. Gebaser op die inligting voorsien in hierdie vraag (insluitend die gewig-per-ouderdom grafiek) bespreek die volgende, gee redes:

3.3.1. Hoe word die aanbevole dosis vir paracetamol stroop bepaal (4)

3.3.2. Dink jy dit is die mees geskikte aanbevole dosis of nie (4)

[8]

Verantwoordelijke gebruik van paracetamol (vervolg)**Boys: weight-for-age percentiles****Girls: weight-for-age percentiles**

Published May 30, 2000 (modified 11/21/00).

SOURCE: Developed by the National Center for Health Statistics in collaboration with the National Center for Chronic Disease Prevention and Health Promotion (2000).
<http://www.cdc.gov/growthcharts>

SAFER • HEALTHIER • PEOPLE™

BYLAAG 3**VERDERE INTERPRETERING VAN DIE VERSKILLENDSE SISTEMATIEK VLAKKE VOLGENS ONDERWERPE**

Die oogmerk van hierdie afdeling is om 'n groter helderheid te bied omtrent die tipe vrae, berekenings, toepassings en/of konteks wat in die verskillende vlakke van die Wiskundige Geletterdheid sistematiek val. **Dit is belangrik om te beklemtoon dat die tabelle hieronder voorsien nie 'n omvattende of definitiewe lys van alle moontlike vrae, berekenings en/of take geassosieer met die vier vlakke van die sistematiek is nie.** Hul bevat slegs voorbeeld van 'n klein seleksie van vrae, **berekenings en/of take van die verskillende Onderwerpe in die KURRIKULUM wat geassosieer kan word met die verskillende vlakke.** Hierdie voorbeelde is bedoel om die verskil tussen die eise van 'n vraag by die verskillende vlakke van die sistematiek te verduidelik.

ONDERWERP: FINANSIES				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Finansiële dokumente en Tarief stelsels	- Lees inligting direk vanaf 'n elektrisiteit rekening (bv. <i>datum; naam van rekening houder; elektrisiteit verbruik vir die maand; ens.</i>) - Wys hoe die "Totaal Verskuldig" op die elektrisiteit rekening bereken is deur al die gelyste items op die rekening bymekaar te tel. - Wys hoe die BTW waarde gelys op die elektrisiteit rekening bereken is as BTW 14% is van die waarde uitgesluit BTW is (dit is, bereken 'n persentasie van die bedrag).	- Gebruik 'n gegewe formule om te wys hoe die bedrag aangeslaan vir elektrisiteit verbruik op die rekening bepaal is. - Voltooi 'n tabel met waardes om die koste vir verskillende hoeveelheid van elektrisiteit verbruik aan te toon. - Gebruik die waardetabel om 'n grafiek op te trek wat die koste van elektrisiteit verbruik voorstel.	- Herhaal die berekenings/waardes op 'n rekening vir 'n ander elektrisiteits verbruik waarde. - Sonder enige ondersteunende of leidende vrae, trek 'n grafiek om die koste van elektrisiteit voor te stel van 'n spesifieke elektrisiteit stelsel.	- Kies 'n geskikte strategie (bv. <i>tabelle of waardes, grafieke, interpretering snypunte, ens.</i>) om die elektrisiteit kostes vir twee verskillende elektrisiteit stelsels te vergelyk en neem 'n besluit oor watter stelsel die mees koste effektief is vir 'n verbruiker met spesifieke behoeftes. - Analiseer 'n koerant berig wat voornemende verhoging in elektrisiteit tariewe beskryf en maak afleidings omtrent die implikasies van hierdie verhogings vir verbruikers.

ONDERWERP: FINANSIES				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Inkomste, uitgawes, wins/verlies, inkomste-uitgawe state en begrotings	• Orden items op 'n inkomste en uitgawe staat as vaste, veranderlike en geleentheids inkomste en uitgawes. • Wys hoe die totale Inkomste, uitgawes en wins/verlies waardes van 'n inkomste en uitgawe staat van 'n begroting bepaal is.	• Konstrueer 'n inkomste en uitgawe staat vir 'n individu of 'n huishouding. • Konstrueer 'n begroting vir 'n klein huishoudelike projek.	• Konstrueer 'n inkomste en uitgawe staat vir 'n besigheid wat insluit 'n vergelyking van inkomste en uitgawes waardes oor 'n periode van twee jaar. • Konstrueer 'n begroting vir groot vonds insamelings gebeurtenis.	• Analiseer 'n begroting vir 'n huishouding of besigheid en maak voorstelle van hoe die uitgawes moet verander om die finansies van die huishouding/besigheid te verbeter. • Vergelyk inkomste en uitgawe waardes van 'n besigheid of organisasie oor 'n periode van twee jaar en beskryf die verskille en/of tendense. • Analiseer geproekteerde teenoor werklike begroting waardes en vergelyk verskille.
Kosprys en verkoopprijs	• Bepaal die kosprys van 'n item deur die gegewe koste waardes bymekaar te tel van die saamgestelde dele van die item. • Bepaal die inkomste gegenerereer van die verkope van 'n item gebaseer op die gegewe verkoopprijs en gegewe verkoop volumes.	• Vergelyk die verskil tussen die kos- en verkoopprijs van 'n item deur die persentasie prysverhoging in die verkoopprijs vanaf die kosprys te bereken. • Konstrueer 'n waardetabel om te wys hoe die kosprys van 'n item verander afhangende van die aantal items wat gemaak word.	• Trek grafieke, sonder ondersteunende of leidende vrae, om die kostes om 'n item te produseer en geld wat vanuit die verkope verkry word, aan te dui. • Onderzoek, d.m.v. navorsing, die verskeie kostes betreffende die vervaardiging van 'n item, en besluit op 'n geskikte verkoopprijs van 'n item.	• Lei 'n mark navorsing gedoen op 'n groep mense en gebruik die resultate van die navorsing om 'n spesifieke verkoopprijs van 'n produk te verdedig • Interpreteer grafieke wat die koste van die produksie en inkomste gegenerereer vanuit die produksie en verkope van die item, aandui, en gebruik die grafieke om besluite te neem omtrent die besigheid (bv. <i>Hoeveel items moet vervaardig en verkoop word om die produksie koste te dek</i>).

ONDERWERP: FINANSIES				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Gelykbreek-punt	Veduidelik die betekenis van die woord "gelykbreek" in die konteks waarin die probleem gestel is (bv. <i>in die konteks van 'n besigheid, "gelykbreek" verwys na die inkomste wat gegenereer moet word om die uitgawes te dek</i>).	- Bepaal die gelykbreek-punt van 'n besigheid vanaf 'n gegewe tabel van inkomste en uitgawe waardes. - Wanneer twee grafieke gegee word wat sny, lees die waarde van die onafhanklike en afhanklike veranderlikes by die gelykbreek-punt af vanaf die grafieke.	Teken twee of meer grafieke en identifiseer die snypunt van daardie twee grafieke om verskillende opsies te vergelyk (bv. <i>inkomste vs. uitgawes; selfoon kontrak opsies; elektrisiteit tarief stelsels; ens.</i>).	- Verduidelik die verband van die gelykbreek-punt van twee grafieke in verhouding met die probleem of konteks waarvoor die grafieke geteken is. - Verduidelik die betekenis van verskillende gebiede op 'n grafiek (dit is, tussen verskillende punte of snypunte) in verhouding tot die probleem of konteks waarvoor die grafieke geteken is.
Rente	- Veduidelik die betekenis en verskil tussen "rente" en die "rentekoers". - Identifiseer rentekoers waardes verstrekkend op 'n bankstaat.	- Doen eenvoudige rente berekenings met die hand (dit is, sonder gebruik van 'n sakrekenaar) oor verskeie tydperke. - Lees waardes af van grafieke wat enkelvoudige en saamgestelde belegging scenarios aandui.	- Doen saamgestelde rente berekenings met die hand (sonder die gebruik van 'n sakrekenaar) oor verskeie tydperke. - Voltooi 'n tabel wat 'n lening scenario skets en die oorweging van 'n maandelikse rente berekening, maandelikse terugbetalings, en maandelikse uitstaande bedrag op die lening insluit. - Teken grafieke vanaf gegewe waardetabelle of waardes om lening scenarios voor te stel.	- Konstrueer 'n model van 'n lening of belegging scenario sonder ondersteunende of leidende vrae. - Ondersoek en beskryf die impak van verhoging op maandelikse terugbetalings en die totale koste van die lening/belegging. - Ondersoek en beskryf die impak wat 'n groot betaling sal hê op die totale koste van die lening/belegging as dit gemaak word in 'n lening/belegging gedurende die eerste helfte van die lenings/beleggings periode.
Inflasie	Veduidelik wat die term "inflasie" beteken.	Wys deur berekening hoe die prys van 'n item kan verander as dit geaffekteer word deur inflasie (dit is, vermeerder 'n waarde deur 'n persentasie).	Wys deur berekening hoe die prys van 'n item kan verander as dit geaffekteer word deur inflasie oor tydperke (dit is, saamgestelde berekening).	- Beskryf die effek van inflasie op die koopkrag van geld. - Gebruik kennis van inflasiekoers om 'n spesifieke salaris verhoging te argumenteer en te verdedig.

ONDERWERP: FINANSIES				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Belasting	- Identifiseer naam van werker op 'n salaris strokie en die maand wanneer die salaris strokie uitgereik is. - Identifiseer die werker se maandelikse salaris. - Veduidelik hoe die werker se "belasbare inkomste" bepaal is deur verwysing na die salaris en die aftrekkings waardes op die salaris strokie. - Veduidelik betekenisse van die terme "bruto salaris", "netto salaris", "aftrekkings", en "belasbare inkomste" soos op die salaris strokie.	- Lees geskikte belasting waardes af vanaf die gegewe inkomstebelasting aftrekkings tabelle. - Identifiseer die inkomstebelasting kerf waarin 'n individu val gebaseer op sy gegewe maandelikse en/of jaarlikse inkomste.	- Gebruik die formules wat voorsien is op inkomstebelasting kerf tabelle om die individu se jaarlikse en maandelikse inkomstebelasting te bereken. - Ondersoek d.m.v. berekening hoe die belasting korting waarde bepaal is.	- Vergelyk inkomstebelasting tabelle oor verskillende finansiële periodes en veduidelik hoe 'n individu se belasting mag verander van een periode tot 'n ander. - Ondersoek die effek wat 'n verhoging in salaris het op verhoging in belasting betalings. - Analiseer grafieke wat veranderinge in inkomstebelasting oor verskillende tydperke aandui en veduidelik verskille.
Wisselkoers	Identifiseer die wisselkoers tussen twee geldeenheide van 'n gegewe tabel of koers telbord.	Gebruik 'n gegewe wisselkoers om die waarde van een geldeenheid te bepaal vir 'n spesifieke hoeveelheid van 'n ander geldeenheid.	Doen geldeenheid herleiding berekenings, neem in ag die geldeenheid se wisselende fooie wat deur banke en ander finansiële instellings gevra word.	- Veduidelik hoe die "Big Mac Indeks" 'n werktuig is vir die waarde bepaling van een geldeenheid in verhouding tot 'n ander geldeenheid; - Veduidelik hoekom dit nie noodwendig akkuraat is as 'n Suid-Afrikaanse toeris in Amerika beweer dat 'n blikkie koeldrank wat \$2,00 (R14,00) kos soveel goedkoper in Suid-Afrika is nie.

ONDERWERP: METING				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Herleidings	- Herlei tussen mm, cm, m en km. - Herlei tussen g en kg. - Herlei tussen ml en liters.	- Herlei van °C na °F deur gegewe formule te gebruik. - Herlei tussen verskillende stelsels deur gebruik te maak van herleidings faktors (bv. <i>herlei m^3 na liters gebruik die feit dat $1 m^3 = 1 \text{ litre}$</i>).	Herlei tussen verskillende stelsels deur gebruik te maak van herleidings tabelle, en waar dit nodig is identifiseer eers en gebruik dan 'n geskikte herleidings faktor vanaf die tabel.	Vergelyk oplossing tot 'n probleem uitgedruk in verskillende eenhede en neem 'n besluit oor die eenheid wat die mees geskikte of bruikbaarste is vir die spesifieke konteks waarin die probleem gestel is.
Meet lengte, gewig, volume en temperature	Meet akkuraat met geskikte meet instrumente (bv. <i>liniaal; maatband; kombuis skaal; bekers; ens.</i>).	Doen berekenings wat insluit meet waardes (bv. <i>Werk uit hoeveel langer een stuk hout is as 'n ander stuk</i>).	Gebruik gemete waardes in samewerking met ander inhoud of waardighede om 'n groter projek te voltooi (bv. <i>meet die afmetings van 'n badkamer om die lopende meter van 'n mat benodig vir die vloer te bepaal</i>).	- Neem besluite omtrent die behoefte van akkuraatheid wanneer 'n meting uitgevoer word in 'n spesifieke konteks. - Interpreteer 'n gemete waarde en neem 'n besluit gebaseer op die waarde (bv. <i>meet die temperatuur van 'n kind en besluit of die kind hospitaal toe geneem moet word</i>).
Omtrek, oppervlakte en volume	- Veduidelik die betekenis van terme (bv. <i>"oppervlakte", "omtrek", "volume", "radius", ens.</i>). - Identifiseer van 'n gegewe lys die formule gebruik vir omtrek berekenings, oppervlakte berekenings, ens. - Bepaal die radius van 'n sirkel met 'n gegewe deursnee. - Weet dat oppervlakte uitgedruk word in eenhede² (bv. cm^2) en volume in eenhede³ (bv. cm^3).	Bereken omtrek, oppervlakte en volume deur substitusie te doen met gegewe waardes in 'n formule	Doen voorafgaande berekenings om afmetings te bepaal wat nodig is in omtrek/oppervlakte/volume berekenings en bereken dan omtrek/oppervlakte/volume (bv. <i>Wanneer gevra word om die volume beton nodig vir die fondasie van 'n huis, interpreteer bo-aansig planne van die fondasie sloot van 'n huis, gebruik die planne om die afmetings van die sloot te bepaal en bereken dan die volume van die sloot</i>).	Gebruik omtrek, oppervlakte en/of volume berekenings om 'n projek te voltooi, waar dit nie spesifiek genoem word watter tipe berekening nodig is nie (bv. As <i>ge vra word om die hoeveelheid verf te bepaal wat nodig is om gebou te verf, interpreteer eers die planne om die afmetings van die mure te bepaal, bereken dan die buite-oppervlakte van die mure, gebruik dan die verf herleidings verhouding op die rug van 'n blik verf om die hoeveelheid liters wat nodig is te bepaal</i>).
Tyd	Lees tyd waardes op 'n horlosie.	Rekordeer tyd waardes by 'n skool sport gebeurtenis en doen berekenings met tyd om sodoende die wenspan te bepaal.	Interpreteer tyd waardes op 'n bus tydtabel om aankomstye, vertrektye en reis tye te bepaal.	Doen tyd berekenings in samewerking met kaart en ander reis hulpbronne om 'n reis te beplan (bv. <i>bepaal benaderde reistye, geskikte stop punte vir hervul van petrol, die beste tyd om 'n reis te begin om sodoende op 'n spesifieke tyd by bestemming te arriveer, ens.</i>).

ONDERWERP: KAARTE, PLANNE EN ANDER VOORSTELLINGS IN DIE FISIESE WÊRELD				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Skaal	- Veduidelik die betekenis van 'n gegewe skaal (bv. <i>veduidelik wat die skaal 1 : 100 beteken in terme van die metings op planne en werklike afmetings</i>).	Gebruik 'n gegewe skaal om die werklike afmetings te bepaal vanaf gegewe gemete waardes, of gemete waardes vanaf gegewe werklike waardes.	- Gebruik 'n gegewe skaal in samewerking met meting op 'n plan/kaart om lengtes/afmetings te bepaal. - Bepaal die skaal van 'n kaart of plan. - Gebruik 'n gegewe skaal in samewerking met ander inhoud of vaardighede om 'n projek te voltooi (bv. <i>Gebruik 'n gegewe skaal om die afmetings te bepaal waarin 'n 2-dimensionele plan geteken moet word van 'n voorwerp en teken dan die plan</i>).	- Kritiseer die skaal waarin 'n voorwerp geteken is en gee jou mening oor 'n meer geskikte skaal. - Besluit op 'n geskikte skaal om 'n prent te teken of bou 'n model van 'n gebou, en voltooi dan die projek.
Kaarte	- Identifiseer the borde/name van nasionale paate (bv. N3) waarop gereis moet word tussen twee plekke. - Identifiseer die name van die dorpe op die roete tussend die twee plekke. - Identifiseer die skaal van 'n kaart.	- Identifiseer die posisie van twee plekke op 'n kaart en gebruik gegewe afstand waardes op die kaart om die reis afstand tussen die twee plekke te bepaal. - Interpreteer 'n gegewe stel rigting aanwysings en beskryf na watter plek die rigting aanwysings lei. - Voorsien rigting aanwysings om tussen twee plekke in 'n dorp te reis deur gebruik te maak van straatname.	- Gebruik 'n kaart in samewerking met 'n afstand tabel om die kortste roete te bepaal om tussen twee plekke te reis.. - Identifiseer 'n moontlike roete tussen twee plekke op 'n kaart, meet die afstand tussen die plekke, en gebruik 'n gegewe skaal om die afstand tussen die twee plekke te bepaal. - Skat die reis tyd tussen twee of meer plekke gebaseer op die geskatte reis spoed en bekende of berekende afstande.	- Kritiseer 'n voorgestelde reis roete in verhouding met afstand, geskatte reis tyd, ens., en voorstelde en geregverdigde moontlike alternatiewe roetes. - Gebruik kaarte in samewerking met ander reis hulpbronne (bv. <i>wisselkoers inligting; afstand tabelle; bus tydtabel; ens.</i>) en finansiële inligting (bv. <i>koste tabelle; petrol pryse; ens.</i>) om 'n reis te beplan en koste te bepaal). - Neem besluite aangaande geskikte stopplekke gedurende die reis gebaseer op oorwegings van moegheid, petrol verbruik, reis tyd, ens.

ONDERWERP: KAARTE, PLANNE EN ANDER VOORSTELLINGS IN DIE FISIESE WÊRELD				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Planne	• Identifiseer die skaal van 'n plan. • Veduideelik die betekenis van terme (bv. <i>vloer plan</i>; <i>aansig plan</i>; <i>uitleg plan</i>; <i>ens.</i>). • Lees die waarde(s) af vanaf gegewe afmetings op 'n plan (bv. <i>the lengte van die muur is 4 m</i>).	• Gebruik 'n gegewe sleutel om die aantal vensters/deure/kamers te identifiseer op 'n plan van 'n gebou. • Identifiseer op watter plan word 'n spesifieke struktuur gewys (bv. <i>Die deur word gewys op die noord aansig plan</i>).	• Meet afmetings op 'n plan en gebruik 'n gegewe skaal om die werklike afmetings te bepaal. • Gebruik planne in samewerking met ander inhoud, vaardighede van toepassings om 'n projek te voltooi (bv. <i>interpreteer planne om die afmetings van 'n kamer te bepaal om die hoeveelheid mat nodig vir die vloer van die kamer te bepaal</i>).	• Beskryf 'n item voorgestel in 'n plan. • Kritiseer die ontwerp van 'n struktuur op 'n plan. • Besluit op 'n geskikte skaal waarin 'n plan geteken kan word en teken die plan. • Maak konneksies tussen twee planne wat verskillende aangesigte van dieselfde struktuur wys (bv. <i>veduideelik watter muur op die vloerplan word voorgestel op 'n spesifieke sy van die aansig plan</i>).

ONDERWERP: KAARTE, PLANNE EN ANDER VOORSTELLINGS IN DIE FISIESE WÊRELD				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Modelle	Meet die afmetings van 'n struktuur waarvoor 'n model van 2D skets gekonstrueer sal word.	Bou 'n model deur gebruik te maak van 'n gegewe tabel van afmetings van 'n gegewe net/uitknipsel.	- Gebruik 'n gegewe skaal om die afmetings te bepaal waarin 'n model gebou moet word, maak 'n 2D skets, en voltooi die projek. - Bou 'n model en gebruik die model in samewerking met ander inhoud, waardighede van toepassings om 'n probleem op te los (bv bou 'n model van 'n houer en gebruik die model om verskillende tipes van verpakking of rangskikkings te ondersoek; of bou 'n model van 'n houer en bepaal die buiteoppervlakte en volume van die model om die hoeveelheid stoor spasie beskikbaar in die houer te ondersoek).	- Besluit op 'n geskikte skaal waarin 'n model gebou moet word en maak 'n 2D skets, gebruik die skaal om die afmetings te bepaal, en voltooi die projek. - Konstrueer en vergelyk twee modelle in terme van stoor spasie en materiaal gebruik en neem 'n besluit omtrent watter model die beter keuse vir die verpakking van 'n item sal wees. - Analiseer 'n model en kritiseer die uitleg van die struktuur gewys in die model.

ONDERWERP: DATAHANTERING				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Opstel van vrae en kollekteer data	- Lees inligting direk van 'n gegewe vraelys/ondersoek (bv. <i>Die name van die organisasie waarvoor die vraelys aangevoer is</i>). - Voltooi a gegewe vraelys.	Lei 'n gegewe vraelys/ondersoek met 'n groep mense.	Besluit op geskikte vrae om in te sluit in die vraelys/ondersoek, konstrueer en lei dan die vraelys/ondersoek.	- Kritiseer die vrae/uitleg van 'n vraelys/ondersoek. - Neem 'n besluit of die gekollekteerde inligting bevooroordeel of geldig is gebaseer op die struktuur of instrument wat gebruik is om die data te kollekteer en die manier waarop die data gekollekteer is.
Klassifiseer en organiseer data	- Sorteer data van klein na groot. - Tel die aantal waardes in 'n stel data. - Veduidelik the veskil tussen kategoriese data en numeriese data; diskrete en kontinue data.	- Sorteer data volgens twee kategorieë (bv. <i>Sorteer 'n stel data apart vir vrouens en mans</i>). - Voltooi 'n gegewe frekwensie tabel. - Bereken persentasie waardes om relatiewe groottes voor te stel van verskillende kategorieë of data.	As 'n rou stel data gegee word, sorteer die data, besluit op 'n geskikte interval (indien nodig), en konstrueer 'n frekwensie tabel om die data te organiseer. Indien nodig, gebruik die frekwensie tabel om 'n geskikte grafiek te teken wat die data voorstel.	- Veduidelik met billikheid of die data diskreet of kontinu is. - Analiseer data georganiseer in tabelle en maak afleidings omtrent die tendens in die data.
Som data op	Identifiseer die maksimum en minimum waardes in 'n stel data.	Bereken gemiddeld, mediaan, modus en omvang vir sorteerde data en vir stelle data wat 'n ewe en 'n onewe getal data waardes bevat.	- Bereken die gemiddeld, mediaan en modale gemiddeld vir 'n stel data en besluit met redes watter gemiddeld verskat die mees akkurate voorstelling van die data is. - Gebruik data voorgestel op 'n grafiek om die gemiddeld, mediaan, modus en omvang van 'n stel data te bepaal.	- Analiseer meting van sentrale tendense en verspreiding en maak afleidings omtrent tendense in die data. - Interpreteer tabelle en kaarte wat persentiel/kwartiel waardes wys en veduidelik wat daardie waardes voorstel in verhouding met die scenario wat in die tabel/kaart voorgestel word. - Vergelyk metings van sentrale tendense/verspreiding wat bereken is vir twee stelle data en gebruik hierdie metings om die verskille tussen die stelle data te vergelyk.
Voorstel van data	Lees waardes direk af van die waarde wat in grafieke voorsien word.	- Teken 'n spesifieke grafiek vanaf 'n gegewe tabel of data. - Benader of skat waardes vanaf gegewe grafieke.	Organiseer data deur gebruik te maak van 'n geskikte tabel, besluit op die mees geskikte formaat vir die voorstelling van die data (dit is, werklike waardes van persentasies), en besluit op die mees geskikte grafiek nodig om die data op voor te stel.	Analiseer grafieke en maak afleidings omtrent die tendense in die data en voorspellings vir die toekoms.

ONDERWERP: WAARSKYNLIKHEID				
Afdeling	Vlak 1: Kennis	Vlak 2: Toepassing van roetine prosedures in bekende konteks	Vlak 3: Toepassing van meervoudige-stap prosedures in 'n verskeidenheid van konteks	Vlak 4: Beredenering en oorweging
Uitdrukkings van Waarskynlikheid	- Identifiseer die persentasie kans vir reën vir 'n spesifieke dorp vanaf 'n weerberig of 'n koerant berig. - Veduidelik die betekenis van terme geassosieer met Waarskynlikheid (bv. <i>gebeurtenis</i>; <i>uitkoms</i>).	- Druk die waarskynlikheid uit van 'n gebeurtenis deur gebruik te maak van breuke, persentasie en desimale notasie. - Identifiseer alle moontlike uitkomst van 'n spesifieke gebeurtenis (bv. <i>Gooi 'n dobbelstene</i>; <i>dobbel speletjie</i>). - Veduidelik of 'n spesifieke reënval voorspelling 'n mindere of meerdere kans aandui dat reën sal val of nie.	- Lei 'n eksperiment om die eksperimentele waarskynlikheid van 'n gebeurtenis en die teoretiese waarskynlikheid te vergelyk. - Identifiseer geskikte waardes vanaf 'n gegewe tabel of data waardes (bv. <i>Op noodlottige motor ongelukke in Suid-Afrika</i>) en druk die waarskynlikheid uit van sekere gebeurtenisse in die tabel aangedui. - Ontwerp 'n speletjie wat waarskynlikheid insluit en speel die speletjie met ander leerlinge in die klas.	- Analiseer 'n tabel met reënval data vir 'n dorp en maak voorspellings omtrent die kans vir reën in daardie dorp gedurende 'n spesifieke maand van die jaar. - Veduidelik of die uitdrukking "as ek dieselfde lottery nommers elke week neem dan sal my kans om te wen verhoog" sin maak. - Kritiseer die gebruik van verwysings na waarskynlikheid waardes in koerant artikels. - Analiseer 'n tabel wat risiko assessering profile vir mense van verskillende ouderdoms- groepe aandui en veduidelik hoekom spesifieke ouderdomsgroepe geklassifiseer is as hoër risiko as ander. - Analiseer 'n speletjie wat waarskynlikheid insluit en maak afleidings omtrent die regverdigheid van die speletjie.
Voorspelling				
Beoordeel uitdrukkings van Waarskynlikheid				

4.8 Algemeen

Hierdie dokument moet gelees word in samewerking met:

4.8.1 *Nasionale beleid wat betrekking het tot die program en promosie vereistes van die Nasionale KURRIKULUM Dokument vir Graad R – 12; en*

4.8.2 Die beleids dokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R – 12.*

